




**TYDSKRIF
VIR
LETTERKUNDE**

1965
Augustus



Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

TYDSKRIF
VIR
LETTERKUNDE

REDAKTEUR: ABEL COETZEE

ADVISEURS:

*J. J. Brits, André Demedts, B. le Roux, D. F. Malherbe,
Vincent van der Westhuizen, F. A. Venter.*

AUGUSTUS 1965

NUWE REEKS / JAARGANG 3

NOMMER 3

Alle kopie vir die tydskrif word gerig aan die Redakteur, Hoëwinde, Escombe-
laan 51, Parktown, Johannesburg. Ongevraagde kopie moet vergesel word van
'n gefrankeerde kovert.

Alle korrespondensie rakende administrasie, sirkulasie, intekengeld en adver-
tensies word gerig aan mej. S. Victor, Posbus 57, Northcliff, by Johannesburg.

INTEKENGELD: R2.00 PER JAARGANG, POSVRY.

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n jaarlikse
skenking van die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap en die Afrikaanse
Pers-fonds aan die Afrikaanse Skrywerskring.

Menings wat deur medewerkers uitgespreek word, is nie noodwendig menings
van die redaksie nie.

I N H O U D

Bladsy

Kootjie van den Heever	1	
Nico Dirker	6	Drie gedigte
T. M. Hart	10	Die lees van gedigte
André Demedts	17	1. November
	18	2. Moderne poëzie
Johan Lohmann	31	Rooi lyn
V. van der Westhuizen	45	Amourette/Rebel
Andries Alberts	46	Betekenis van die Dorslandtrek
Freda Plekker	53	Ritueel e.a. gedigte
Edwin de Kock	56	1. Middelpunt
	57	2. "½"
Rouza	58	Droom oor sewe katte e.a. gedigte
Chris Rencken	61	Swanesang
Charlotte Cilliers	69	Spieëlbeeld e.a. gedigte
M. Kok	73	Terug in Suid-Afrika II
Karina v.d. Vyver	82	Eneke Skosana e.a. gedigte
Hendrik Prins	85	In die trein e.a. gedigte
A. C. Diamond	86	Die pietermakroos
Tant Siena	87	Kommentaar III
	89	Boeke ontvang

'n Spesiale toekening van R15 word gemaak aan die tref-fendste bydrae in elke aflewering; vir die Mei-aflewering word dit gemaak aan A. J. J. Visser.

† ABRAHAM JACOBUS (KOOTJIE) VAN DEN
HEEVER 1906-1965.

Die dertigerjare van ons eeu sien meteens 'n skerp styging in die aantal Afrikaners wat hulle aandag wy aan die skeppende skryfkuns. Onder hulle vind ons Kootjie van den Heever wat as jong mens nog besig is met sy akademiese vorming, maar tog ook al die joernalistiek beoefen, sy kragte waag aan die kortverhaal, die roman, poësie en beskouende prosa.

Sy debuutbundel verhale. *Vlugtige skaduwees*, verskyn in 1936, en dan volg 'n lang reeks veral romans wat hoofsaaklik deel uitmaak van biblioteekskemas van verskillende uitgewers om daardeur sy vernaamste bydrae te lewer op die gebied van die volksliteratuur — iets wat deur verskeie letterkundige beoordeelaars nie juis na waarde geskat is nie, met die gevolg dat die gestalte van sy omvangryke werk in die raamwerk van sy tyd daaronder ly. Hier moet veral in herinnering gebring word *Danie se droom* (1940), *Skagte* (1942), en *Jurgie en sy maats* (1946). Laasgenoemde werk het uitgeloop op 'n tweede en derde vervolgstuk, en by sy afsterwe was hy besig met *Jurgie IV*. Die manuskrip, wat tesame met sy ander nagelate stukke deur sy eggenote tot beskikking van die redaksie gestel is, beslaan 34 oktaaf velletjies, en op die laaste bladsy is net die begin van hoofstuk III. Verder is daar 'n plakboek met 6 gedigte wat in tydskrifte gepubliseer is — sonder aanduiding van datum of plek. Dan is aanwesig die getikte manuskrip van 'n volledige digbundel: *Eerste bloeisels*, met 36 gedigte. Ook hier ontbreek die dagtekening, maar uit die aard van die werk, en uit die opskeif sou mens kan aflei dat dit „jeugwerk” moet wees. Daaruit moet mens nie aflei dat dit sonder verdienstelikeid is nie. Intendeel. In 'n *Nag na die reën* kom die volgende voor:

En as die helder bliksems oor die velde val,
Sien ek die bome in hul groene mantels staan,
Dan verweg lê die nag net soos 'n reuse wal,
Dan ewig nag, met blinke sterre ingesit.

Die slotvers lui so:

En al langs die landmuur gaan ek met die voetpad terug,
En in my bly nog ruis die spruit se mal rumoer,
Verlaas nog hoor ek weer die uil se droewe klag,
En gewaar die bliksems wat kort-kort aan die hemel brand.
So ver bekend, was dit die einde van sy digpogings —

moontlik omdat hy nie 'n uitgewer kon vind nie, wat hom laat besef dat sy krag elders lê.

Maar dis heeltemal onbekend dat Kootjie van den Heever ook ernstig aan letterkundige beskouing gedoen het. Nadat hy die B.A.-graad in Bloemfontein behaal het, het hy met welslae die honneurskursus in taal- en letterkunde in Johannesburg geloop, en toe het hy nagraads, vir die M.A.-graad, begin met 'n studie: *Die vader-seun-motief in die Afrikaanse letterkunde*. In die tyd het hy ook meegehelp om die Afrikaanse Skrywerskring te stig, en dit skemer reeds helder deur dat hy as literator — skeppend en beskouend — heelwat belofte openbaar. Nadat hy die onderwerp deurgevors het, het hy begin skryf, maar die manuskrip het op bladsy 36 (kwartformaat) bly steek — en is nooit voltooi nie. Waaron nie, is onbekend, maar moontlik het 'n diep teleurstelling met sy plan om universiteitsdosent te word, hom laat besluit om te verander van koers. Omdat die aspek van sy bedrywighede en belangstelling heeltemal onbekend gebly het, plaas ons in hierdie uitgawe die inleidende beskouinge van die onvoltooide proefskrif.

DIE VADER-SEUN-MOTIEF IN DIE AFRIKAANSE LETTERKUNDE.

Algemene Inleiding. (Getrou volgens ms. R.)

Die studie van verhoudingsmotief van die vader tot die seun is betreklik jonk. Dit kan byna met sekerheid aangeneem word, dat ernstige denkers eers hulle aandag op hierdie probleem begin vestig het, nadat die vader en ontdekker van die psigo-analise nl. Professor Sigismund Freud met sy teorieë voor die dag gekom het.

Omdat die psigo-analise 'n studie is, wat nog maar bykans aanspraak kan maak op die bestaansreg van slegs 'n halwe eeu, is die vader-seun-motief dus 'n heeltemal moderne studie wat tot die twintigste eeu behoort. En tog, hoewel die geskiedenis van die ganse wêreldletterkunde vanaf die gryse verlede geen enkele spoor van studie in die rigting van hierdie probleem openbaar nie, word hierdie motief reeds deur die vroegste digters behandel, en dit is feitlik so oud as die skepping self, as ons sover teruggaan as die Paradys waar die botsing ontstaan het tussen die twee twistende broers, Kain en Abel, en daarteenoor hulle vader, Adam. En watter vloek het Kain nie oor sy nasate gebring nie!

Dr. Med. Sigismund Freud, gebore 6 Mei 1856 uit Joodse

ouers in die stadjie Mähren in Boheme, was die eerste wetenskaplike wat deur middel van die psigo-analise die verhouding van die vader tot die seun probeer analiseer het en in die jaar 1900 het hy met sy „Traumdeutung” vir die eerste keer die aandag gevestig op die *Oedipuskompleks* (ons kom later hierop terug). Hierdie begrip het nie net tot die psigo-analise beperk gebly nie, maar ook die psigologie in besonder, het later geweldig daarvan gebruik gaan maak. Die anti-psigiater Rudolff Kassner het dan ook tereg opgemerk „als letztes Problem der Psychologie hat das Vater und Sohn-Motiv zu gelten.”

Laat ons nou net kortliks nagaan hoe Freud die vader-seun-probleem verklaar. In sy „Totem und Tabu” wys hy daarop dat die dood van die vader veroorsaak deur die seun reeds in die vroegste tye bekend is, en dat dit die eerste en grootste misdaad van die mens is, en dit het regstreeks daartoe bygedra, „mit welcher so vieles seinen Anfang nahm, die sozialen Organisationen, die sittliche Einschränkungen und die Religion.”

Die ganse kultuur is dus op 'n *verdringde* vaderhaat opgebou, en hierdie vermomming kan alleen met behulp van die psigo-analise na die oppervlak van die lewe getrek word. Hierdie vaderhaat wys sy bestaan aan die bloedsbande van die seun se liefde vir die moeder en sy seksuele wedywering met die vader. Hoe sterk die vaderhaat in die mens ingebore is, bewys die feit waar die verdringing van die haat en moordinstinkte by primitiewe volke, by kinders en misdadigers nog nie so 'n groot vordering gemaak het nie. Met behulp van die etnografie kan talle en talle voorbeelde dan ook aangehaal word om die vadermoord te bewys. In die woorde van B. O. Rank lui dit as volg:

„Als eine Art Revanche gegen die unbeschränkten Vorrechte des Vaters erscheint die, bei zahlreichen Völkern herrschende Sitte, sich der Greise zu entledigen, sei es durch deren Tötung, wie es bei den Eskimo und Grönländern geschieht, bei denen der Sohn seinen Vater, wenn dieser alt und unnütz wird, erhängt, sei es durch Aussetzung des Hausvaters wie bei den Chiappavären (Nordamerika). Dass bei vielen völkern für den Haussohn sogar eine Verpflichtung bestand, seinen gebrechlichen Vater umzubringen, kann nur als bewusster Nachklang der Totenopferung verstanden werden.” (Inzestmotiv bls. 84 deur B. O. Rank).

Waar die literatuurhistorikus tot dusver nog altyd in sy poginge gefaal het om hierdie aangrypende probleem te ontleed, daar het die psigo-analitiese teorieë direk op die punt afgegaan en die probleem in sy kern gevat, en geanaliseer. Die psigo-analise bepaal hom dan hoofsaaklik ook net tot die wese van die probleem en het met die literatuur assulks niks te doen nie,

m.a.w. die siel van die mens word in al sy kronkelgange en fynste rimpelinge met die grootste belangstelling en noukeurigheid gevolg.

As ons nou die vaderhaat, soos ons dit leer ken uit werke met internasionale betekenis soos bv. Shakespeare se *Hamlet*, vir 'n oomblik daarlaat, en ons alleen bepaal tot die begrening van die Vader-seun-konflik, beland ons onmiddellik weer op 'n verdere psigo-analitiese inbreuk.

Freud en sy volgelinge beskou naamlik elke Vader-seun-kompleks as 'n regmatige, noodwendige, wedersydse betrekking van die bloedskande motief, daar die vader voortdurend alleen as 'n wedyweraar om die seksuele besit van die moeder gehaat word. 'n Dergelike hipotese lyk 'n ietwat onaanneembaar, en as ons dan ook 'n weinig dieper op die saak ingaan, weerspreek die voor die handliggende feite dan ook die psigo-analitiese stelling volkome, nl. dat *elke* konflik van die seun met die vader wedywer op grond van seksuele impulse, of soos Freud dit noem „von der Natur sinnlicher Begierden”. As ons dan ook in die geskiedenis en in die literatuur die Vader-seun-kompleks teëkom, is dit byna deurgaans 'n wêreldbeskouing wat op groter „staatkundige” konflikte berus, want die seun haat die vader nie omdat hy *man* is nie, maar omdat hy *oud* is. (Vgl. hier die meesterwerk van Stijn Streuvels, *De Vlaschaard*, waar die ou man sy kragte daagliks voel afneem en dit hom in hewige verset en botsing bring teen sy seun wie se kragte by die dag toeneem. Algaandeweg verloor die seun sy vertrouwe in die deeglikheid van sy vader as boer en weier hardnekkig om sy bevele uit te voer. Die end van dit alles is dat Boer Vermeulen sy eie seun vir ewig die nek inslaan.) Ons vind dan ook heel weinig in die letterkunde die vader-seun-konflik met bloedskande motief, wat dus met seksuele impulse verbonde is.

Hierdie vraag na die seksuele of „staatkundige” oorsprong van die vader-seun-konflik in die literatuur is in sy diepste wese van veel groter betekenis, as wat dit miskien oppervlakkig mag lyk.

Nie alleen vind ons die stryd tussen die vader en die seun nie, maar ook die seun teen die moeder, die dogter teen die moeder en die dogter teen die vader soos bv. in *Trekkerswee* deur Totius. So kom ons dus telkens die uitroep teë „Weg met die vader en die moeder” wat in direkte teenstelling is met die archaïstiese „Eer die vader en die moeder”.

In hierdie verhandeling wil ek dus probeer aantoon dat die vader nie alleen as 'n wedyweraar om die seksuele besit van

die moeder gehaat word nie, maar inteedeel sal ook nagegaan word in hoeverre die seun die vader haat nie omdat hy *man* is nie, maar omdat hy *oud* is.

NICO DIRKER

U HAND

U hand gee vorm aan die klei.
Die digter dig, die sanger sing.
Verdi, Goethe; deur die eeue bring
die woord en klank en verf en klei
die juigstem wat oor berg en klip,
oor rots en sand tot by 'n Krip
die boodskap dra

U hand gee vorm aan die klei.
My beitel glip, die marmer weer
hom heftig teen die brose leer
van vorm en lyn. Ek soek, maar kry
nie weer die greep en slag,
die fyn gevoel van tik en wag
en kyk en vra.

U hand gee vorm aan die klei
maar myne gly oor skuinstes
van verwording en donker leemtes
van my dink en tas verby
die hoekigheid van klip en kruis
tot ek, Simon in my donker kluis,
u biddend om 'n aalmoes vra.

U hand gee vorm aan my — klei
in u hand — waaruit die kruik
gebars, bespottend uit die buik
van drif en angs kantel uit die ry.
Die urn met die troebel as
stewig in die katakombe vas
'n teken nog van u gena.

DIE OOG VAN 'N HOND

Ek was 'n kind
en jy't my 'n hond gegee.

My brak en ek
het deur en oor die
veld, die vlei, die hek,
die huis, die kas . . .
die kas . . . getrek,
geklouterklim en vas
in 'n hoekie
aan die slaap geraak.

En toe eendag was hy weg
en ek alleen in hierdie land
met veldpaadjies van beton
meerkatgrotte waardeur kables span
en seekoeigate onder dak
waarin blou-groen neonligte bak.

Ek het gaan stap.

'n Hond het voor 'n hek gesit
lui na 'n vlieg gehap
— kan hier nog vlieë wees —
sy oë skrefies in die wit
en omgedraai en weer gaan sit.

By die derde robot moes ek links
(— waarom derde; kon dit nie maar . . .
— en as jy sien jou broer loop skeef
gaan sê vir hom . . .)
om daar te kom.

Oor die Parade was ons een
rooigroengeel mengeling soos op die gras
waar kleikoeëls saam oor vlasblond
en peperkorrel reën
— haastige kleurspatsels oor die grond
wat teen dié skeemring in die lug
elk in sy eie rigting vlug.

Toe moes ek verder.

'n Hond het by 'n deur gestaan
soos eens 'n goeie herder
— kan hier nog herders wees —
sy oë helder in die baan
wit lig wat om die deurknop breek
waaksaam hy sy skape staan.

By die derde robot moes ek . . .
(en as hy nie luister, neem dan
twee of meer en sê vir hom . . .)
om daar te kom.

Met kaartjie, boek en das
was ons een brein
geharnas soos dié dae op die gras
hoesannasingend teen die blou
wat sagvergewend om ons vou,
ligskommelend in die trein,
duisendpoot deur waspoot, sny
die wind by ons verby.

Toe moes ek weer my plek ontruim.

'n Hond het langs 'n kas gegrom
selfversekerd groot en bruin
— kan iemand selfversekerd wees —
sy oë rooi, 'n addernes
verstrengeld om die fles
— mirre, druiwetros en vuur —
waar ek dié dors wou les.

By die derde robot . . .
(en weier hy nog steeds,
roep die oudstes saam
en sê vir hom . . .)
— Hoe't ek ooit tot hier gekom.

Teen die ronding was ons een vlug
gegordel teen die val
soos dié dae in die veld
voor die dreuning uit, die sonpad oor
'n berghaan wiegend op die lug.
Verby die kromming, langs die maan
— kan ooit die staalvlerk verder gaan?

Toe eers het ek teruggekom . . .

'n Hond het voor 'n slot gedreig . . .
en êrens in 'n huis getjank
en verleë om 'n hoek verdwyn
en òral oor die vlei gekreun . . .

By elke robot moes ek staan
sy oë rooi en geel en groen
dreigende skywe . . . volmaan
kerkklok, naafdop en lemoen.

- 'n kind kyk my verwyttend aan . . .
- Ek sal vir hom 'n hond moet gee.

DIE LEES VAN GEDIGTE

Op die moontlike vraag: hoe lees 'n mens 'n gedig? kan verskillende antwoorde gegee word. Die antwoorde kan trouens wissel van 'n geestige, met jou oë, tot 'n ingewikkelde relaas van doelstellings met en probleme by die lees van gedigte, met inbegrip van 'n duisternis teorieë en vakkundige of dissiplinêre rëglemente en bepalings wat sal dui op die gevorderdheid of gewaande eksponensiële waarde van die beantwoorder. Baie mag geen antwoord hê nie, om verskeie en selfs gegronde redes.

Indien die vraag: hoe lees 'n mens 'n gedig? bedoelende: hoe behoort 'n mens 'n gedig (as geskrewe iets met 'n moontlike kuns-agtigheid) te lees, tog gestel word, sou ek die saak só benader:

Die lees van gedigte is 'n persoonlike saak. Soveel hoofde, soveel sinne dus. En tog, ten einde die moontlike kuns daarin te ervaar, is dit noodsaaklik om 'n algemene modus operandi te bepaal.

Alhoewel 'n mens voortdurend onderhewig is aan stemmingswisselinge — die lees van gedigte is 'n persoonlike saak — en jy dus nie altyd geestelik ewe ver van die gedig af staan nie, is dit nodig om vooraf so ver moontlik objektief te wees teenoor die titel van die gedig en die digter en voorts dan ook teenoor die hele gedig. Hiermee wil hoegenaamd nie beweer word dat 'n mens jou moet transformeer tot die regte golflengte vir die lees van gedigte nie — so para-psigologisties is die saak darem nie. Kortom, kuns is o.a. skoonheid en indien 'n mens die moontlike skoonheid in 'n gedig wil raak lees, moet jy dit 'n kans gee om jou te ontmoet.

Omdat die lees van gedigte 'n persoonlike saak is, vind jy op 'n bepaalde stadium (tydens 'n bepaalde lees) net weerklank in die gedig van wat op daardie stadium in jouself aanwesig is. Die vraag of 'n mens dan werklik so emosioneel is sou met reg gestel kon word en tog moet 'n mens toegee dat dit so is, en altyd so sal wees as jy dit nie teëwerk deur noulettend en *kreatief* te lees nie. (Miskien is „kreatief lees” nog nie die regte benaming nie. Dit kan nie beteken „skeppend lees”, nie, want dan loop jy gevaar om voor die digter uit in jou gedagtes te skep; dus met moontlike vooroordeel te lees. Veel meer is dit 'n geval van *ontginnend* lees; 'n proses van nou-

keurig let op wat in die gedig staan). Slegs deur so indringend te lees en bewus te word van letterlik alles wat in die gedig gegee is, kan 'n mens so ver kom dat die gedig met alles wat dit bied jou ontmoet. Slegs deur so te lees, word 'n mens bewus van wat presies in 'n gedig staan. Maar nou, in 'n gedig staan daar dikwels nie wat daar staan nie?

Wanneer ons 'n gedig lees, ontginnend lees, word ons bewus van wat in gedig gegee is (wat daar staan) en wat in 'n gedig *word* (wat nie daar *staan* nie en tog daar is). Deur emosioneel te lees, slegs in die gedig te ontmoet wat in jouself op daardie gegewe oomblik aanwesig is, loop 'n mens die gevaar om dinge in die gedig te sien wat nie daar is nie en te soek na iets wat ook nie daarin word nie. Ontginnend lees is dus verbind met die bepaalde gedig wat gelees word omdat die gedig 'n mens lei deur wat hy is (wat gegee is) tot wat hy word. Hoewel die gedig die leser aanvanklik slegs met sy gesigwaarde (die woorde op papier) ontmoet, stel hy homself (sy hele self) gewillig bekend aan die leser wat deur 'n bepaalde manier van lees daarom vra. Die suksesvolle ontmoeting met die hele self van 'n gedig hang dus van twee dinge af. Eerstens moet hy so gemaak wees dat die leser hom deur ontginnende lees kan leer ken as 'n entiteit met 'n bepaalde karakter. Tweedens moet die leser bereid wees om die gedig ongehinderd toe te laat om hom met sy hele self te ontmoet. Maar nou: 'n gedig 'n (lewende) entiteit met 'n bepaalde karakter? Is dit nie 'n bietjie vergesog en psigologisties nie of kan daar nog so iets wees as die persoonlikheidstrekke of psigo-analise van die geestelik-versteende gedig?

Op die laaste vraag sou 'n mens moes antwoord: gelukkig nog nie, want indien die gees van 'n gedig so ontleed sou word, sou die ontleder tien (of honderd?) teen een die arme maker van die gedig sonder meer daarby betrek en dan die gedig se versteurdheid as 'n troef gebruik om die gewaande versteurdheid van die digter bloot te lê. Wat die eerste vraag betref: Hierop is die antwoord natuurlik ja. Die gedig is 'n entiteit met 'n bepaalde karakter wat, hoewel deur 'n mens gemaak en derhalwe 'n bepaalde neerslag van daardie mens se oordele en opvattinge bevat, in sy eie maar beperkte wêreld 'n selfstandige bestaan voer. 'n Mens moet dadelik toegee dat dit vir baie gedigte in die dun lug van die kuns maar 'n sukkelbestaan is, maar dan ook erken dat dit nie aan die gedig ten laaste gelê moet word nie. Aan die ander kant: die feit dat die digter aanspreeklik is vir die sukkelbestaan van die gedig maak dit glad nie nodig om die digter se karakter te ontleed om die gedig te ontmoet nie.

Wanneer die leser die gedig nou so ontmoet het en hy probeer vir homself rekenskap gee van die karakter daarvan (moontlik tydens die tweede of die tiende lees) gaan hy eg menslik te werk. Wat miskien eerste opval, is die "gebare" of die gesig van die gedig. Dit kan nl. lank of kort, skraal of geset wees, of op die oog af 'n eenvoudige of gekompliseerde karakter hê. Die gedig kan selfs mooi getooi wees met 'n rimpelende rym en of meevoerende metrum, belaaï met emjambemente, opgesmuk met versvoete en versier met vonkelnuwe rymvondste. Na die eerste fase van die ontmoeting kan die leser miskien iets te sê hê oor die vervelige karakter wat lief is vir herhaling, homself weerspreek of onbekende dinge as bekend beskou en dan daaroor uitwei sonder om 'n mens die geleentheid te gee om om 'n verduideliking te vra; of omgekeerd.

Hierdie is sommige van die "eerste indrukke" wat 'n mens by die lees van 'n gedig kan kry. Ongelukkig is dit dikwels ook die laaste vanweë die feit dat die mens so baie mense (en gedigte) wil ontmoet en dan ook maar tot eie troos moet aanvoer dat die eerste tog die blywendste indrukke is. Ten opsigte van 'n gedig is die eerste indruk baie selde indien ooit die blywendste. Die leser wat soek na karakterkwaliteit, wat nie tevrede is met kwantitatiewe en toevallige ontmoetings nie, sal beloon en dikwels ook verras word.

Die karakterkwaliteit wat ons eintlik in 'n gedig soek, is *poësie*. Wat in die gedig groei en tot stand kom, wat die gedig dus as volwasse entiteit in der waarheid is, is van belang. Ontginnend lees is dus 'n poging om die hele gedig te ontmoet, en om die poëtiese daarin bloot te lê, moet die leser *t.o.v. die gedig* psigo-analities te werk gaan. Maar die gedig is 'n stuk taal met die moontlikheid van 'n *taalkunswerk*?

Korrek, maar die geneesheer stel ook nie belang in die bloedgroep of die kleur van die hare, of die klere van sy pasiënt as dit nie direk betrekking het op die kwaal wat hy ondersoek nie. Vanselfsprekend kan 'n gedig en so ook 'n roman, 'n grappie of 'n preek as iets in die taal gelees word ten einde die taal daarin te ondersoek. Trouens daar is nog talle ander redes waarom selfs 'n gedig gelees kan word bv. om vas te stel of dit by hierdie of daardie geleentheid voorgedra kan word, of dit maklik getoonset kan word. Die swaarmoedige kan dit selfs lees in 'n poging om sy verdriet te verifieer, of die verliefde op soek na 'n geskikte aanhaling vir 'n minnebrief.

Hierdie sou voorbeelde wees van toevallige lees; toevallig in sonderre dat dit nie noodwendig 'n gedig hoef te wees nie. Die leser wat ontginnend lees, neem trouens altyd die taal in 'n gedig in aanmerking, dit mag nie anders nie, maar slegs ten

einde sy uitsluitlike doel te bereik nl. die ontmoeting met die kunswerk.

Op bl. 34 van die vierde druk van Opperman se *Senior Verseboek* lees ek van die "doringboom en wa (in Totius se bekende 'Vergewe en Vergeet') wat simbool word van die Afrikaanse en Engelse volk". In *Helikon*, jg. 2 nr. 12, skryf G. A. Watermeyer oor Totius as "Vader van ons Volk" en sê dan: "In 'Vergewe en Vergeet' praat Totius die siener, die profeet, in 'n gedig wat simbolies geword het van ons volksbestaan". In albei gevalle is daar sprake van simboliek wat skynbaar nie uit die gedig self te verantwoord is nie en tog is daar seker rede vir dié vertolking.

Die gedig begin soos 'n sprokie:

"Daar het 'n doringboompie . . ."

Wat hierop volg, is in hoofsaak 'n weergawe van wat dikwels in die natuur kon voorkom: 'n wa ry oor 'n doringboompie wat, hoewel dit daardeur verniel word, nie vrek nie, maar vanself regkom. Die tekens van sy teenspoed bly egter en word selfs met die jare duideliker. Al wat in die uitbeelding voorkom wat afwyk van die normale, is die vermenslikte doringboom en die ossewa wat praat:

Jy het mos doringstruikie,
my anderdag gekrap;
daarom het my wiele
jou kroontjie platgetrap.

Al wat dus in die gedig gegee word, is 'n natuurlike verskynsel en 'n pratende ossewa waarvandaan ons selfs na die soveelste lees kwalik by die bogenoemde uitsprake kan uitkom. Maar skynbaar het die digter besef dat die gedig nie sê wat hy moet sê nie en daarom het hy vir ons 'n bril gegee in die vorm van 'n Bybelteks waarmee ons die gedig kan lees. Bo-aan staan nl. 'n aanhaling uit Deut. 4:9. Wat die wa en die doringboompie in gemeen kan hê met: "Dat gij niet vergeet de dingen die uwe ogen gezien hebben", word duideliker wanneer ons die teks in sy wyer verband gaan lees. Hierin word nl. gewag gemaak van die lotgevalle van 'n volk, sodat ons nou in die gedig kan gaan soek na beelde wat, sy dit dan allegories, op 'n volk van toepassing sal wees. Met hierdie toerusting is dit nou moontlik om die boom as die een en die wa as die ander volk te sien. Daar is egter nog 'n probleem aan verbonde: wie mag nie vergeet wat sy oë gesien het nie en hoe is dit van toepassing op die gedig? Uit die Bybelteks blyk dit dat Moses in vv. 9 en 10 die volk herinner aan die verbondsluiting by Horeb en dat dit wat daar gesien is (sommige van die wat deur Moses in Deut. 4 toegespreek word, was volgens die Afrikaanse

verklarende Bybel as kinders by Horeb teenwoordig) nie vergeet mag word nie en selfs aan die kinders en kindskinders vertel moet word. Die antwoord op ons vraag is dus: die volk van Israel mag nie vergeet wat hulle oë gesien het nie. Dit help ons egter nie veel nie, want die gedig is oorspronklik in Afrikaans geskryf en het in 1908 in *By die Monument* verskyn.

Met die gegewens in en by die gedig uitgeput, soek ons na ander besonderhede, en bevestig daarmee dat dié gedig as dit ons geïsoleer en gebottel bereik het nie verklaar kon word nie — wat lig op die saak kan werp. Uit al die gegewens wat ons kultuurhistories kan versamel, staan een ding vas: Totius was voor alles teoloog en calvinis en eers daarna volkman. As teoloog het die besondere teks seker vir hom die oorspronklike betekenis behou en sou hy seker eerder die volk wou oproep tot gehoorsaamheid as tot wraak. Nie die smart van die Tweede Vryheidsoorlog nie (uit die gedig: die boompie wat die wa *anderdag*, die Eerste Vryheidsoorlog, gekrap het; die Afrikaanse volk wat met die ontdekking van goud vlak by die *pad* beland het; en n.a.v. kultuurhistoriese bewyse is die gedig te beskou as 'n allegorie daarop), maar die Almag van God moet onthou word. Daarom is die opdrag ook nie opstandig of verwytend nie. Bloot: vergewe en vergeet, (sodat) jy nie sal vergeet wat jou oë gesien het nie. Die smart wat hom aangedaan is, moet die volk vergewe maar ook vergeet, want slegs deur dit te doen, kan hy gehoorsaam wees aan Gods gebooi.

Deur te lees wat daar staan en al die riglyne vanuit die gedig na te speur — en waar daar te min is selfs besonderhede agter en om die gedig in berekening te bring — kon ons minstens bepaal in watter gees die gedig gelees moet word. Omdat ons van bykomstighede gebruik moes maak en as ons glo dat 'n gedig outonoom moet wees, kan ons ook kritiek lewer in dié verband. Wat die gedig self betref, lees hy maar nog soos hy altyd gelees het, maar deur die nuwe insig klink dit minder venynig. Slegs die laaste strofe lewer probleme:

Die wonde word gesond weer
as jare kom en gaan,
maar daardie merk word groter
en groei maar aldeur aan.

Is hierdie volk-boompie wat deur die ossewa gerieflikheids-halwe en kleinerend as "doringstruikie" gesien word hier so volkome boom dat sy beskadigde bas gaandeweg al groter vertoon of het die allegorie hier deurgeskaaf en moet die volk tog iets wraakgierig onthou? Miskien verklaar die titel van die bundel en die feit dat die moedswillige ossewa die boompie se *kroontjie* platgetrap het hierdie slotverse. Waarskynlik is dit

nie te vergesog om die platgetrapte kroontjie gelyk te stel aan die vrou en kind van die volk nie. Juis omdat hierdie so 'n gevoelige slag was en nie vergoed kan word nie, groei die merk groter, hoewel die wonde gesond is. Die feit dat die wonde tog genees het, is immers 'n verdere bewys dat die smart en die leed vergewe en vergeet kan word hoewel die gevolge van die oorlog soos dié van enige oorlog sal voortduur.

So gesien, kan ons nou met Watermeyer beweer dat die gediggie simbolies kan wees van ons volksbestaan, maar dan ook dat dit nog Totius is wat praat en nie die gedig nie en dat die gedig as sodanig juis daardeur maar skralerig vertoon.

'n Ander bekende en kort gediggie is Leipoldt se *Sekretarisvoël*. Die ses verse wat onder hierdie titel staan, handel skynbaar oor die *Serpentarius secretaris* wat volgens die woordeboek (en moontlike eie ervaring) 'n soort voël is met lang bene en nek, bekend as slangvanger. In elk van die twee strofes word die voël aangespreek en die vraag gevra: wat maak jy hier? Ons verneem verder dat die voël lang bene het, stywe penne agter die ore, vaalgrys vere, 'n lang lyf, groot oë en dat hy stadig stap. Op die oog af is dit 'n volledige tekening van die besondere voël en is daar nie veel meer te sê nie.

Al wat hinder, is dat die gedig dit nodig vind om die teenwoordigheid van die voël te bevraagteken. Die vraag word herhaal en die hele gedig eindig op die vraag. Afgesien van die vraag word die vers: "sekretarisvoël met jou lang bene" ook herhaal. As die herhaling hier funksioneel is, is die sentrale "probleem" dus:

sekretarisvoël met jou lang bene,
... wat maak jy hier?

Maar nou het ons in die een geval

Met jou stadige stappies ...

en in die ander

Met jou groot, groot oë ...

uitgelaat. As ons nou weer hierdie versinhoude voltooi, lees dit so: Sekretarisvoël met jou lang bene, jou stadige stappies en groot, groot oë, wat maak jy hier? Nou lyk dit asof dit die opvallendste eienskappe van hierdie voël is. En nou is dit nie vergesog om te beweer dat hierdie voël bang en ontuis voorkom nie. Hy stap nl. met sy *lange* bene *stadig* terwyl sy oë — wat, toegee, van nature groot is — opgemerk en (net ter wille van die metrum?) beklemtoon word deur die herhaling. Al moet daar erken word dat 'n sekretarisvoël as slangvanger van nature stadig en versigtig stap, beklemtoon die digter juis hierdie eienskap deur dit voor die eerste vraag te plaas; dieselfde gebeur dan ook met "groot, groot oë".

As ons nou aanvaar dat hierdie slangvanger skugter, ontuis en bang voorgestel word, dan ontstaan die vraag of dit in die natuur so is en indien nie waarom die gedig ons onder die indruk wil bring. As die antwoorde hierop in die gedig ontbreek, moet ons weer kultuurhistories en selfs half psigologies(?) te werk gaan. Die res word dan raaiwerk en veronderstelling maar ook gevolgtrekking. Skynbaar projekteer die digter iets van homself in hierdie voël as natuurlike verskynsel en word dit vir hom iets waarmee hy homself kan vereenselwig. Trouens, die moontlike vereenselwiging was miskien selfs aanleiding tot die skrywe van die gedig. Al waarnemende en al lesende groei die raaiselagtigheid wat die natuurding omring en word die vraag en drang om te weet al dringender. Maar die gedig gee nie antwoord nie. Al wat bly, is die refrein en dan as die gedig en die leser mekaar in die oë gekyk het, dan vra die gedig: en jy, wat maak jy hier? Nou bly nog net die *hier* oor. Dit hoef nie problematies te wees nie, want die gegewens dui daarop dat hierdie voël nie in 'n museum of in 'n boek is nie, maar in die lewe. En nou vra die gedig weer; en wat maak jy *hier*.

Dit lyk asof die metode kan werk — ten minste by die lees van kort gediggies. En die langer gedig, die essay en die roman? Miskien kan dit ook hier — dalk moet dit — maar dan sal ons tevrede moet wees om nie te veel boeke te ontmoet nie of om maar net in die verbygaan te groet.

ANDRÉ DEMEDTS

NOVEMBER

Je weet hoe schoon ze waren,
ik hark ze zwijgend bijeen.
Roestbruin tussen de blaren,
onder zijn bek een veegje rood,
een roodborstje, zo alleen,
als jij en ik eens voor de dood.

Voor de dood als in het leven,
allang aan alles gewoon,
maar onverzoenbaar gebleven,
zelfs niet te ontgoochelen meer;
laat het maar goed zijn en schoon,
ik leg er mij nimmer bij neer.

Herhaal dat ik moet sterven
en dat er een eind aan is,
geen beter rijm dan zwerven,
op leven, dan droefenis;
hark ze glimlachend bijeen
en dan, glimlachend, ga heen.

Het zo te moeten zeggen,
alsof het de oplossing was,
zichzelf verloren leggen,
zo maar verloren misschien,
een appel rot in het gras,
iets wat je niet meer wilt zien.

Waar aan je niet wilt denken,
ikzelf aan mijzelf niet meer,
mijn kind, zul je mij wenken
als je dat vogeltje ziet?
November is daar al weer,
buiten je hand is er niet.

Moderne Poëzie

GRENZEN EN BEGRENZINGEN

Wat te denken over de hedendaagse poëzie? Is zij niet in verval? Weten veel dichters nog wat zij willen? Nemen zij hun taak ernstig op of trachten zij alleen maar door allerlei middel-tjes de aandacht op zich te vestigen? Wekken die vragen niet het vermoeden dat onze westerse beschaving in de kern bedreigd is door gebrek aan verantwoordelijkheidzin en overtuiging?

Deze en andere moeilijkheden ontstaan vanzelf bij wie zich beraadt over de dichtkunst van deze tijd. Gaarne geeft hij toe dat wij haar belang niet mogen overschatten in een wereld waar zoveel factoren op elkander inwerken en toch heeft zij ongetwijfeld een betekenis behouden die niet miskend mag worden. In de eerste plaats is zij naast de wijsbegeerte een uiting, een afdruk van wat er in de gedachten en gemoederen van onze menzen leeft. Wat aan de statistieken ontsnapt, kan zij openbaren.

Ten tweede vervult zij tegenover de gemeenschap een on-
vervangbare rol. Wij bedoelen dan niet dat zij enige ogen-
blikken van schoonheidsontroering zal schenken aan enige tien-
duizenden lezers, hoe belangrijk wij dat ook mogen achten. Wij denken veeleer aan de invloed die van de poëzie op de taal en langs de taal op de menselijke houdingen en verhou-
dingen uitgaat. Waar de kunst van het woord slordigheid en luiheid verraadt, zal zij die fouten helpen verspreiden; waar zij een toonbeeld van scheppende verbeelding, inspanning en be-
heersing is, zal zij de beoefening van die begaafdheden en deugden in de hand werken.

Dat er in verband met de moderne poëzie problemen rijzen, mag ons niet verwonderen. Zij zijn niet eigen aan deze tijd alleen. Zoals ieder levend organisme en alle voortbrengselen van de menselijke geest is de dichtkunst aan veroudering onderhevig. Zij kent haar perioden, haar seizoenen, zoals de natuur. Ook de natuur verjongt zich iedere lente en voorkomt daardoor dat zij door ouderdom zou uitgeleefd geraken. In de kunst over het algemeen en de dichtkunst in het bijzonder voltrekt zich dezelfde hernieuwing. Als het niet tijdig gebeurt, zoals in de Nederlandse poëzie tussen Luyken en Gezelle, treedt onvermijdelijk door verdorring en ontzieling een teruggang in.

Hoe verder wij in de geschiedenis teruggaan hoe verder die krisisperioden uiteen schijnen te liggen. Er waren veel minder dichters en lezers dan nu. Doordat zij niet zo talrijk waren, ontstond minder gevaar voor herhaling; de taal zal langer frisheid bewaard hebben en nog waren er veel gebieden van het leven die niet werden ontgonnen. Nu tellen wij honderden levende dichters, ouderen met naam en jongeren die beroemd willen worden. De hoeveelheid schone poëzie die reeds bestaat is onafzienbaar rijk; de wetenschappelijke en technische vooruitgang hebben zoveel nieuwe woorden gevergd dat de taal erbij ontkleurd en ontspierd moest worden en nog iets nieuws te zeggen over mens en leven werd al moeilijker, omdat men zo gauw het gevoelen opdoet dat alles gezegd werd en er niets essentieels meer aan toegevoegd kan worden.

* * *

Tegen die achtergrond moeten wij de ontwikkeling van de moderne poëzie kunnen volgen. Het is nu ruim een halve eeuw dat de traditionele verskunst geen voldoening meer schenkt en er op allerlei manieren naar andere uitdrukkingsvormen gezocht wordt. Aanvankelijk heeft men gemeend dat die hernieuwingsdrang alleen iets met de tijdsgeest te maken had. Dat is de opvatting van die ekspressionisten, futuristen en dadaïsten geweest, tot hun opvolgers, de voorstanders van een abstracte dichtkunst, vermoed hebben dat de oorzaken van de hernieuwingsdrang dieper lagen dan het verlangen om de sfeer en problematiek van de tijd te weerspiegelen. Wat slechts een stijlprobleem leek, is een crisis van het begrip poëzie geworden.

Om die uitspraak te verduidelijken, schijnt het minder belangrijk te onderzoeken wat men eertijds van de poëzie gewild heeft dan wat ervan overgebleven is en voor ons nog waarde en betekenis bezit. Wat hebben wij onthouden, waarnaar grijpen wij soms terug als ons het verlangen bekruipt een mooi gedicht te herlezen? Het zijn verzen die beantwoorden aan een dubbele eis: ze bevatten een levenswaarheid die als een verrijking wordt aan gevoeld en die waarheid is zo oorspronkelijk en persoonlijk, zo bevallig geformuleerd, dat die verwoording op zichzelf een bron van vreugde wordt.

In de beste poëzie zijn die twee elementen harmonisch verenigd. Niettemin zou men de dichters in twee groepen kunnen indelen: degenen die om zich uit te drukken op de begripshoud van de woorden vertrouwen en degenen die het eerder van de klankwaarde en het beeldend vermogen der opeenvolgende woorden verwachten. Bij de eersten is de band tussen dichter en gedicht bewaard, bij de anderen lijkt het erop dat de schepping los staat van haar schepper en in zichzelf haar

verantwoording vindt. Opvallend is dat beide richtingen ook in de volkspoëzie voorkomen. Wij hebben liederen, spreekwoorden en zegswijzen geërfd die onverhulde belijdenissen van levenservaringen zijn en andere waar de levenshouding op een onrechtstreekse wijze, door een woordenspel in de hogere zin, voor de lezer gesuggereerd wordt.

De laatste komen het minst voor. Hoe verder een dichter zich van de begripsinhoud van de taal verwijderd, hoe moeilijker het voor hem wordt zich aan anderen mede te delen. Hij zal dikwijls het aanvoelen hebben dat hij zich niet juist en volledig kan uitdrukken met de woorden die iedereen gebruikt en daardoor te algemeen zijn om zijn bijzondere toestand te vertolken. Daarom zou hij zich een eigen taal willen scheppen, waarin alle klankverbindingen een volstrekt nieuwe betekenis krijgen om zijn manier van zijn, die hem enig, nog nooit voorgekomen en nooit meer te herhalen toeschijnt, buiten hemzelf te realiseren. Door die afbeelding van zijn persoonlijkheid, getuigend van een onbegrensd zelfbewustzijn, zou hij zichzelf door en door kennen en in bezit kunnen nemen. Zo zou het zijn alsof een goddelijke eigenschap hem te beurt zou vallen.

Gezelle is er als weinig anderen in geslaagd beide opvattingen bij zijn werk te betrekken. Zijn mooiste gedichten zijn zielsgetuigenissen, waaruit de mens Gezelle niet weg te denken is, maar hij schreef ook andere, waarin de woorden hun eigen weg gevolgd hebben, zich voegend naar een wet die in het groeiende gedicht alleen haar oorsprong vond. Zij zijn weinig talrijk. Maar zij hebben gemaakt, en die vaststelling is van belang, voor hetgene wij over de hedendaagse dichtkunst willen zeggen, dat onze bloemlezingen van moderne poëzie steevast met Gezelle beginnen. Dat is even goed het geval met "Nieuwe Griffels, Schone Leien" van Paul Rodenko (1954) als met "Waar is de eerste Morgen?" (1960) van Jan Walravens. Zelfs een onlangs verschenen bundel "luisterliedjes" samengesteld door T.V. realisator Johan Anthierens, waarin de beste verwezenlijkingen in dat nieuwe genre bijeengebracht werden, bevat twee gedichten van Gezelle.

Blijkbaar is Gezelle zo groot dat hij boven alle onderscheidingen staat en zo volledig dat alle gedeeltelijke waarheden in het geheel van zijn poëtische volheid aanwezig zijn. Hij heeft geweten en beproefd wat de modernen beogen. Zelfs heeft hij er zijn mening over neergeschreven in een brief van April 1858 aan zijn lerling Eugene van Oye: "k versta dat iemand die alleen is, zich zelve een poetique uitdrukkingsmiddel zou kunnen maken, 't zij uit enkele klanken bestaende, 't zij uit woorden, die, ofschoon van niemand el verstaen, voor hem

zouden de uitdrukking zijn van zijn gedacht, en misschien veel edeler als alle bestaende dichtspraak, maer wij hebben een tael die toch maer tot een zekeren graed buigbaer is; wij leven bij menschen wier zielen maer door gewone klanken en woorden raekbaer zijn, dus ligt de volmaektheid van 't geen poesie aengaet, in de matigheid van te kunnen in de bestaende dichtspraak, of in de die, die nuttiglijk kan hervoorspringen, onder de werking der genie zijn conceptie uitgeven. Gekortvlerkt, ja, wordt daerdoor de vrije ziele des dichters; dichten kan hij bij zich zelve zonder sprake, alléén in den Geest, maer wil hij uitkomen, zoo moet hij gekleed gaen op zulke maniere dat hij kennelijk is . . ."¹

* * *

Het lijkt kenmerkend voor alle kulturen, en die van het westen in het bijzonder, dat hun rijpwording en verspreiding buiten die kleine kring van de eerste kultuurscheppers en -dragers, met een steeds scherper gesteld en dieper doordringend individualisme gepaard gaat. Men krijgt op de duur eerder met een verzameling van eenlingen dan met een gemeenschap te doen. De godsdienst wordt een persoonlijke aangelegenheid, de nationale binding verzwakt, de zorg om het algemeen welzijn maakt plaats voor een strijd van allen onder elkander om eigen macht en belang.

Door het individualisme is de dichter zelf de held van zijn poëzie geworden. Reeds in onze 13e eeuw is het zo ver met Hadewych en Jacob van Maerlant. Hun namen schijnen toevallig op elkander te volgen en toch heeft het zijn betekenis dat zij samen genoemd worden, want zij vertegenwoordigen door hun werk de twee hoofdstrekkingen waardoor de westerse poëzie sedert hun tijd in toenemende belangrijkheid wordt beheerst. Het zijn romantisme en rationalisme, maar dan moeten wij de woorden in hun ruimste betekenis begrijpen en niet in verband met twee bepaalde perioden in de literatuurgeschiedenis.

In de romantische poëzie spreekt de dichter namens zijn stof; hij is er ergens bij betrokken door sympathie of afkeer, door ervaring of verbeelding, herinnering of droomverlangen. Hij stort zich in de werkelijkheid, trekt er zich gekneusd uit terug of scheidt zich een realiteit die hij naar zijn wens zal vormen. Alleen met zijn hersenen ontleden en oordelen kan en wil hij niet, want dat zou hem een vermindering van zijn persoonlijkheid toeschijnen. Hij zal verstand en rede niet verzaken, want dan zou hij geen mens meer zijn; doch verstand en rede worden aangevuld, verbreed en verdiept door alle irrationele krachten die bewust en onbewust in hem werkzaam zijn.

De romantische mens beseft dat hij met de hele kosmos en de schepper van het heelal verbonden is, dat hij een verantwoordelijkheid draagt en een waarde bezit waarvoor hij misschien de reden niet kan achterhalen, al moet zij ongetwijfeld bestaan opdat het mogelijk zou zijn dat hij zoveel belang hecht aan zichzelf. Aan zijn levensgronden en grondhoudingen. Aan liefde en haat, vergankelijkheid en eeuwigheidsverlangen, eenzaamheid en een zich geroepen voelen tot een absoluutheid van geluk die de volstreekte verwezenlijking van zijn mogelijkheden in een voltooide wezenheid veronderstelt.

Ons komt het voor dat de grootste dichters van alle tijden romantici zijn geweest. Maar het komt wel voor dat die romantici ook rationalistische poëzie hebben geschreven. Denken wij slechts aan Vondel en de tegenstelling tussen zijn lyrische en didaktische gedichten. Van Maerlant is in al zijn uitvoerige werken een rationalist geweest, tot hij niet langer redenerend, uit kwellende zorg om het welzijn van de kerk, "Vanden Lande van Oversee" heeft geschreven, waarin hij zich met de inzet van zijn hele persoonlijkheid aan zijn onderwerp heeft gewijd. Anders doet de rationalist dat niet. Hij is een toeschouwer en geen deelnemer aan het leven. Hij merkt op, vergelijkt, ordent. Dikwijls spreekt hij een oordeel uit en hij is geneigd dat oordeel voor belangrijker te houden dan de mens en de aangelegenheden waarover hij dicht.

Het lijkt wel juist wat Paul Valéry in "Eupalinos ou l'Architecte" (1924) verdedigd heeft, dat de dichter een bouwkundige is, als men zijn mening verbetert door ze nauwer te omgrenzen en er als voorwaarde aan toe te voegen dat ze slechts op de rationalistische dichter van toepassing is. Een architect van de poëzie, die een gedicht scheidt als een huis, een ruimte waarvoor als eerste eis doelmatigheid geldt. Men kon even goed van een ingenieur in de dichtkunst gewagen of van een scheikundige in zijn laboratorium, die de taal onder handen neemt om er proeven mee te doen, reacties te verwekken, waarvan hij de bewerker maar nooit het bewerkte is. Leerrijk ten andere dat er in de jongste tijd, handelend over het ontstaan van de poëzie, al vaker van laboratoriumwerk gesproken wordt. Sommige theoretici zien daarin het ideaal en als hoogste verwezenlijking van de moderne poëzie de schepping van een woordgeheel uit woorden die niet langer met een subjektieve inhoud geladen zijn. Dat is alleen te bereiken waar de woorden geen deel meer uitmaken van een gezinsverband, waar zij op zichzelf staan en zoals men het heet autonoom zijn geworden. De romantische poëzie wordt voortdurend door vormloosheid, de rationalistische door inhoudsloosheid bedreigd. De over-

drijvingen en tekortkomingen van de ene moeten de andere een waarschuwing zijn. In de ogen van een architect in de poëzie zal het hybrische prozagedicht voorkomen als een verwerpelijke voorbeeld van slechte smaak. Het is noch poëzie noch proza. Hoe zou het dan goede poëzie kunnen worden? Wat heeft men, daartegenover gesteld, aan een reeks woorden die geen mededeling insluiten, of nog buitensporiger aan een hoeveelheid klankgrepen die zelfs geen begripsinhoud bezitten? Die niets zijn dan geluiden! Slechte poëzie, of zij romantisch of rationalistisch is, lijdt aan hetzelfde euvel: gemis van persoonlijkheid. Er is geen poëzie waar vormkracht ontbreekt; er is evenmin poëzie waar geen mededeling geschiedt.

* * *

In de Nederlandse poëzie hebben rationalistische en romantische strekkingen elkander min of meer in evenwicht gehouden. Als wij het niet uit de geschiedenis en door dagelijkse ondervinding wisten, zouden wij daaruit mogen besluiten dat het Nederlandse volk uit nuchtere zakelijkheid en gezond verstand alle overdrijvingen schuwt. De didaktische rederijkerspoëzie was een reactie op de romantische heldenverering van de middeleeuwen; de romantische lyriek van de vorige eeuw op de ontzielde kunst van het pseudo-klassicisme. Opmerkenswaard blijft nochtans dat de Nederlandse romantiek zeer gematigd en redelijk blijkt als ze bij de Engelse, Franse en Duitse vergeleken wordt. Ze is minder heftig, minder hartstochtelijk en grillig, maar meer beheerst.

Het is niet omdat de grote romantische dichters, Gezelle, Gorter, Van de Woestijne, Roland Holst van der Schalk, Leopold, Boutens en Roland Holst in gebreke gebleven zijn, dat er een hernieuwing in rationalistische richting is gekomen. Het zijn niet de meesters die een verantwoord verzet uitlokken, maar de epigonen die willen schijnen wat ze niet zijn. Die niet voldoende persoonlijkheid bezitten niettemin oorspronkelijk trachten te doen en niet anders kunnen dan verraden hoe ledig en onbeduidend hun kunstenaarsgeaardheid is. Hun tekortkomingen worden aan een beweging toegeschreven.

Voor de Nederlanden die zo openstaan voor buitenlandse invloeden en trouwens gelegen zijn op het kruispunt waar drie grote beschavingen, de Angelsaksische, Duitse en Franse, elkander ontmoeten, is het bijna onmogelijk een eigen weg te gaan. De Europese stromingen hebben onvermijdelijk hun terugslag op het geestesleven, zelfs op de politiek van Nederland en België. Ten slotte is er, zoals wij reeds opgemerkt hebben, in de opeenvolging van die stromingen een zekere wetmatigheid

te erkennen. Het leven zou verstarren en afsterven als er geen afwisseling kwam.

Iets later dan op het Europees moment is in de Nederlanden een antiromantische stroming in de poëzie begonnen. Ze was aan verschillende bronnen ontsproten. Het naturalisme keerde zich tegen de vervalsing van het bestaan waarop het burgerlijke en sentimentele romantisme omstreeks 1860 was uitgelopen. Zijn aanhangers streefden naar een kunst die op wetenschappelijke grondslag steunde, die de werkelijkheid deed recht wedervaren en de betekenis van erfelijkheid, opvoeding en tijdsgeest beklemtoonde.

Drang naar waarheid vestigde de blik op de erbarmelijke toestand waarin de meerderheid van de bevolking leefde, op armoede en onwetendheid, verdrukking en wrok, drankmisbruik en zedenverwildering. Op die beschrijving van de realiteit zoals ze door de laagste volksklassen doorleden werd, antwoordden dichters als Gorter (in zijn tweede periode), Adama van Scheltema en Van Collem, die nochtans door hun geaardheid romantici waren, met socialistische verzen. Door hun optreden werd duidelijk gemaakt dat er in de inhoud van de romantische poëzie een hernieuwing noodzakelijk was.

De Vlaming Omer Karel de Laey (1876-1909) stond bovendien een hernieuwing in de poëtische verwoording voor. Hij was een aristokraat, die innig samenleefde met het volk, als weinig anderen de volkstaal kende en terzelfder tijd een bewonderaar van de Latijnse poëzie, inzonderheid van Horatius was. Hij geloofde dat dichten schilderen met woorden was, een objektivering van eigen zieleleven, in een alledaagse maar kruimige taal. De weinige verzen die Willem Elsschot heeft nagelaten, sluiten bij het werk van De Laey aan en zijn er door hun bijna brutaal sarkasme op gericht de wereldvreemdheid van een versmald romantisme verder te ontluisteren.

Het latere expressionisme maakte eerder een verdeelde indruk. Door zijn ideologische inhoud en barokke vormgeving vertoonde het romantische eigenschappen, door zijn technische taal en beeldspraak bezat het meteen een rationalistische strekking. Die laatste komt helder na voren in de futuristische verzen van Van Ostaijen en Marsman, die zij in hun beginperiode, misschien onder invloed van de Duitsers Stramm en Heynicke geschreven hebben. Belangrijk is de evolutie die Van Ostaijen verder heeft doorgemaakt toen hij ernaar streefde en er op enkele begenadigde ogenblikken ook in geslaagd is zuivere lyriek te scheppen.

Volgens hem mocht een gedicht niet anders zijn dan een taalfenomeen, een gesloten wereld, een op zichzelf levend

organisme, dat helemaal los van zijn dichter in zichzelf voltooid en schoon zou zijn. De theorie past in een rationalistische kunstbeschuwing, maar Van Ostaijen was een Vlaming, meer gemoedsmens dan de Hollanders zijn en die karaktertrek onderscheidt hem van Herman van den Bergh, die in dezelfde jaren pleit voor "het bestaansrecht van een gebonden vorm van weergave, het overpeinzen van den vormkeus der weergave, de loyauteit van den kunstenaar in het herscheppen"² en tegelijk gedichten liet verschijnen waarmede de Nederlandse moderne poëzie der volgende veertig jaar werd ingeleid.

* * *

Natuurlijk is het moeilijk een karakteristiek te geven van een beweging die nog haar eindpunt niet heeft bereikt, al is het waarschijnlijk dat de moderne poëzie ons geen grote verrassingen meer zal bezorgen. Alle experimenten die nu beproefd worden, werden reeds tussen de twee oorlogen aangedurfd en zijn in vergeelde tijdschriften terug te vinden. Er worden andere namen gebruikt en de poëzie die thans geschreven wordt, steunt als wij haar theoretici mogen geloven op andere beginselen. Geen reden om het te betwijfelen en toch als men na het lezen van hun beschouwingen de gedichten van nu naast de gedichten uit "Het Overzicht" (1921-25) legt, stelt men vast dat er een treffende gelijkenis bestaat. Dichten is een eeuwig herbeginnen, maar dat herbeginnen kan een cirkelgang zijn.

Toch kunnen wij het beproeven de meest typische verschijnselen waardoor de moderne poëzie gekenmerkt wordt achter-eenvolgens te onderzoeken. Wat in de eerste plaats de aandacht gaande maakt is de ontpoëtisering van de poëzie. Die verandering slaat zowel op de inhoud als op de vormgeving en de taal terug. Vanzelfsprekend kan het niet anders of de hedendaagse dichters handelen over dezelfde onderwerpen die hun voorgangers sedert drieduizend jaar bezield hebben. Zij benaderen ze evenwel op een veel zakelijker manier. In de kunst van de 19e eeuw was de dichter zo nauw bij zijn werk betrokken dat het een zelfkoestering leek. Ook waar hij met afschuw en walg van zich sprak, zoals Baudelaire in "Les Fleurs du Mal" bleef hij alsof het niet anders kon het middenpunt van zijn belangstelling. Zijn aanwezigheid werkte als een mythos: hij was meer dan de lezer, meer dan een gewone mens. In de rationalistische, geobjektiveerde poëzie, waar de dingen van zichzelf getuigen, is die zelfverheerlijking verdwenen. Ten dele is het daaraan te wijten dat zij haar onmiddellijk ontroerend karakter verloren heeft.

De grenzen tussen proza en poëzie zijn vervaagd. Volledig akkoord dat de enige faktor die erover beslist of een tekst als

proza of poëzie moet beschouwd worden het ritme is. Het ritme van de poëzie is sterker gebonden of nog beslissender lijkt ons dat het de hele tekst door volgehouden wordt. Proza met een fel ritme is geen zeldzaamheid. Het zou niet moeilijk vallen uit de romans van Hamsun, Hemingway en Faulkner fragmen ten over te schrijven, die in versvorm afgedrukt volmaakte gedichten zouden zijn. Maar het ritme dat ons uit die gedichten zou aanspreken, kan niet honderden bladzijden lang bestendig worden. Er moet meer afwisseling en verscheidenheid zijn om een romanlezer te kunnen binden. De moderne poëzie bezit ritme, ongetwijfeld, maar dat ritme verandert dikwijls binnen de heining van hetzelfde gedicht en laat daardoor dikwijls de indruk dat men met geknipt proza te doen heeft.

In de prosodische poëzie wordt de ritmische eenheid binnen het gedicht door het metrum en rijm versterkt. De vaste betoning, vergezeld van het stafrijm of opgevangen en geadeld door het eindrijm, schenkt aan het gedicht een bijzondere klank sfeer, die onmiskenbaar haar bekoorlijkheid heeft en de gevoelswaarde ervan verinnigt en persoonlijker maakt.

Bij de moderne dichter is die gevoeligheid voor klank veel minder ontwikkeld of wordt zij opzettelijk onderdrukt. Hij wil dat zijn werk niet minder prozaïsch dan proza zou klinken, want dat lijkt hem de hechte waarborg van zijn menselijke waarachtigheid. Waarachtigheid ook, die hij in zijn beeldspraak en woordkeus wenst. Vroeger waren er poëtische woorden en beelden. Ieder dichter heeft ook de zijne, die de sleutelwoorden en -beelden ter ontsluiting van zijn persoonlijkheid zijn. De beelden en woorden uit een bepaald tijdsgewricht worden door de schuld van de epigonen gemeenplaatsen, vervalsingen van het leven, uiterlijkheden zonder inhoud, die door een nieuwe generatie verworpen worden. Dat is nu eveneens gebeurd.

Voor iedere dichter begint een wereld, een leven opnieuw. Hij erft zijn taal van zijn volk, zijn voorouders, zijn onmiddellijke omgeving, maar zoals hij een andere mens dan alle anderen is, wordt ook de gemeenschappelijke taal die hij ontvangen heeft een eigen uitingsmiddel en terzelfdertijd bevestiging van zijn onvervangbare persoonlijkheid. Hij beleeft en bezielt ze opnieuw. Men kan het gedicht van een echt dichter niet met het gedicht van een ander verwarren. Ritme en klank, beeld en betoning, alles wat wij taal heten, verhindert het ons en langs die media, niet er zich van bedienen alsof hij een keus gedaan had, maar in die media zichzelf openbarend, zichzelf zijnde, komt hij tot ons. De moderne mens wil onopvallend mens zijn onder de mensen, mens als alle mensen. Wie dat verlangen in zijn poëzie weerspiegelt, schrijft zoals de mensen

spreken, is vrij van de poëtische zingzang van vroeger en houdt het bij woorden uit de dagelijkse omgangstaal.

Het ongeluk is dat er ook minder begaafde dichters zijn en dat somtijds met meer pretentie naarmate ze minder talent bezitten. Zij schrijven zoals de anderen schrijven, Achterberg, Lucebert, Snoek. Zij herinneren aan iets dat ze niet zijn. Zij zijn verantwoordelijk voor de roestvorming op de taal, voor de ontzieling van de poëzie. Waarom zouden zij nu minder talrijk, minder verwaand en aanmatigend zijn dan eertijds? Er verschijnen inderdaad in talloze onbekende tijdschriftjes en in eigen beheer uitgegeven bundeltjes duizenden moderne gedichten die waardeloos zijn. Anders dan vroeger is dat niet. Alleen blijkt het nu moeilijker goed en slecht uit elkander te schiften. De prosodische poëzie, die meer technische vaardigheid vergde, liet een vlugger onderscheiding toe. Wat sedert veertig jaar in versvorm geschreven wordt, is weleens zo cerebraal, zo hermetisch gesloten, dat de lezer er geen toegang toe heeft, slechts kan verklaren dat hij het niet begrijpt en er niet over durft te oordelen.

Wat hij wel vaststelt, is dat veel moderne gedichten zodanig zijn dat de dichter er niet meer in te onderkennen valt. Twintig gedichten kunnen van twintig verschillende dichters voortkomen en toch eruit zien alsof ze door dezelfde persoon geschreven werden. Waar de persoonlijkheid verwijderd en het eenmalige van zijn subjectief bestaan in de wereld verworpen wordt, om de objectieve dingen aan het woord te laten, kan het niet anders of eentonigheid moet er het gevolg van zijn. De werkelijkheid bezit minder verschillende voorwerpen dan er verschillende mensen leven. Als het gebouw of de boom waaraan ik iedere dag op weg naar mijn werk en van mijn werk naar huis viermaal voorbijloop door alle voorbijgangers op objectieve manier beschreven wordt, zullen wij, in de veronderstelling dat iedereen zich nauwkeurig kwijt van zijn taak, zoveel malen dezelfde beschrijving hebben als er voorbijgangers waren. Voor de romantische mens is het van persoon tot persoon een ander gebouw en een andere boom, voor dezelfde persoon zelfs anders naargelang de tijd van de dag en jaar waarop hij ernaar kijkt en anders naargelang de stemming waarin hij verkeert.

* * *

Een tweede reeks eigenschappen van de moderne poëzie gaan terug op haar elliptische vorm. Een Nederlands spreekwoord beweert dat een goede verstaander maar een half woord nodig heeft. Men hoeft niet alle rededelen in een zin uit te drukken opdat hij verstaanbaar zou blijven. Hij wordt er bondiger en gespierder door. Maar als alle zinnen elliptische zinnen worden,

ontstaat een spanning die weldra vermoeit en verveelt. Men voelt het stijlmiddel dat op zichzelf voortreffelijk is als gemaaktheid aan. De moderne dichter is sober met woorden. In plaats van zijn onderwerp uit te schrijven, vat hij het samen. Zo wordt zijn gedicht een soort van opsomming, waarin de naamwoorden en naamwoordelijke vormen van de werkwoorden hoofdzaak zijn.

De kwalige romantiek van zestig jaar geleden maakte van bijvoeglijke naamwoorden en bijwoorden misbruik. Haar versregels kropen als weekdieren, hadden blijkbaar te weining spierkracht om het beeld van rechtop lopende mannen te suggereren. Nu zijn de dichters naar een ander uiterste overgegaan. Het leven wordt uitgedrukt door een verzameling op zichzelf staande woorden en in uiterste gevallen door klankgrepen zonder begripsinhoud. Veel verbanden worden weggelaten en de lezer wordt verwacht in staat te zijn ze er zelf bij te denken.

Men gaat zo ver te verklaren dat hij het gedicht moet medeschrijven. Terwijl hij leest, dient hij de ontbrekende zinsdelen en zinnen en ook de verzwegen termen van vergelijkingen in te vullen. Zo scheidt hij het gedicht samen met de dichter, wat een lezer van klassieke poëzie eveneens tot op zekere hoogte doet, maar dan in de sfeer van een subjectieve interpretatie. De rationalist die de moderne dichter is of wil zijn, rekent op het verstand van zijn lezer om begrijpelijk te maken wat anders ongenietbaar zou zijn. Jammer genoeg zijn de meeste poëzielezers, die toch al een minderheid tegenover de prozalezers uitmaken, niet bekwaam of niet geneigd van zichzelf een inspanning te eisen die geen zeker resultaat oplevert.

Zij vrezen dat hun zelfwerkzaamheid waarop een beroep gedaan wordt nutteloos besteed zal worden. Want het gedicht, dat een fenomeen op zichzelf moest zijn, blijkt ineens toch afhankelijk zij het niet van zijn maker dan van degene die het moet voltooien. Van de meeste lezers is dat te veel geveerd: de moderne poëzie loopt het gevaar niet meer gelezen te worden buiten de kringen van degenen die er zelf schrijven of er kritiek bij moeten uitbrengen.

Om die zelfwerkzaamheid van de lezer te prikkelen, beschikt de dichter over verschillende middelen. Hij kan door de typografische schikking van zijn tekst de aandacht opwekken: de weglating van zintekens verplicht tot waakzaamheid en het inschuiven van schokwoorden, die plotseling een onverwacht affekt sorteren, veroorzaakt een psychologische reactie die vruchtbaar kan zijn. Hierbij kan men zich de vraag stellen of de berekening die achter zulke bijkomstigheden schuilt niet afleidt van wat dichten altijd is geweest: zo schrijven dat het

bevalt? Niet bevalt zoals het oplossen van een kruiswoordraadsel een verstandelijke voldoening schenkt, maar zodat de hele mens, die veel meer dan zijn hersenen is, erbij betrokken, aangenaam getroffen en verheugd wordt?

Dezelfde voorliefde voor de ellips komt meteen in de figuurlijke taal tot uiting. Men kan van iemand zeggen dat hij een man is als een boom. In de moderne poëzie is hij een boom. De symbolische kleur van de hoop is groen. De moderne poëzie vindt dat een haan groen kan zijn. Zo dicht Sybren Pollet in "Genesis Vandaag":

"Een haan van groen kraait voor het raam.
een haan. ik wil de eerste dag
recht uit zijn mond vandaan.
het eerste licht, de eerste zon
zien cirklen en wegschieten.
het water volgen dat met snelle hielen
van wind terugtrekt naar de horizon."³

Het citaat is twaalf jaar oud en gekozen uit werk dat door de woordvoerders van de modernen niet als zuiver modern erkend zal worden. Toch leert het, en zelfs op een overtuigende manier, dat de moderne beeldspraak een verrijking kan zijn, waar ze controleerbaar blijft en van goede smaak getuigt. Bevreemdend mag het misschien op een eerste gezicht lijken dat er in de hedendaagse dichtkunst zoveel figuurlijke taal gebruikt wordt, dat veel gedichten uit niet anders schijnen te bestaan. Zou het niet in overeenstemming met de nuchtere tijdsgeest zijn geweest, hadden de dichters een naakte begrip-taal gebezigd, wars van iedere vorm van versiering? Zijn het Egidiuslied en "Alle dinghe siin mi te inghe" geen toppunten van moderne (en eeuwige) poëzie? Wij zouden bevestigend antwoorden als het geen romantische gedichten waren, geen belijdenissen, waarin de dichter zelf lééft en niet wenst uit zijn wereldbeeld te verdwijnen.

* * *


Wij mogen niet denken dat er sedert een halve eeuw geen andere dan "moderne" poëzie gedicht wordt. De moderne dichters zijn een minderheid en met de beste wil van de wereld kan men niet verdedigen dat zij de belangrijkste zouden zijn. Maar het is van belang wat zij schrijven en geschreven hebben. Het heeft de noodzakelijkheid van een ononderbroken hernieuwing aangetoond, de poëtische vormtaal andere mogelijkheden geschonken en enkele merkwaardige gedichten geschonken.

Omdat die "moderne" strekking in de poëzie, als uitdrukking van een rationalistische levensbeschouwing de eeuwen door

bestaan heeft, zal ze zonder enige twijfel deze tijd overleven. Daarom niet in de verschijningsvormen die ze in de jongste jaren gekregen heeft. Wij wachten op de "moderne" dichter van het formaat van een Adriaan Roland Holst, om een volledige karakteristiek van het modern zijn aan te durven. Wat nu aangeboden wordt, is onvolledig, wat wij erbij aantekenen, is het eveneens.

Ondertussen zijn er tekenen die erop wijzen dat veel jonge talenten een andere richting uitgaan. Als zij straks kunnen doorbreken hebben, zullen de epigonen hen volgen. Op dat ogenblik zal het misschien een moderne dichter gelukken volledig modern in de hier omschreven betekenis en tegelijk een groot kunstenaar te zijn. Wat wij weten, is dat hij zulks niet door zijn volgzaamheid jegens de moderne theorieën zal worden, doch uit kracht van eigen begaafdheid, willen en kunnen. Het is in de kunst, als in het leven, de persoonlijke waarde die over alles beslist.

-
1. "Brieven van, aan en over Gezelle". Jubileumuitgave van Guido Gezelle's Volledige Werken. Amsterdam-Antwerpen. 1937. Deel I, biz. 7/8. In de oorspronkelijke spelling aangehaald.
 2. Aanvankelijk verschenen in "Het Getij", daarna opgenomen in "Nieuwe Tucht". Amsterdam. 1928.
 3. Uit "Demiurgasmen". Amsterdam. 1953.



“Pasop vir die rooi lyn!”

Toe ek die woorde, effens grappig maar tog onheilspellend, die eerste keer gehoor het, het ek my nie veel daaraan gesteur nie. Dit het so gekom: Die jongste broer van oorle Vader, oom Jan, het so 'n soort handelsposisie gehad by Askam — 'n godvergete plekkie doer in die Kalahari-wêreld. Op 'n goeie kaart word dit aangewys naby die punt waar die Kuruman-, Molopo- en Nossobriviere bymekaar aansluit. Op so 'n kaart word aldie blou aangedui, asof daar water in is. Kuile, ja. Maar meesal droë sandslote wat dan ook heeltemal doodloop teen die sandduine noord van Upington, sonder dat die gesamentlike drie-enigheid ooit die Grootrivier bereik.

In dié wêreld het oom Jan 'n soort handelsposisie gehad — nie 'n winkel nie. Hy het alles gedoen: die posagentskap beheer, gewone onbederflike kruidenersware aangehou vir verkoop, klere en skoene in voorraad gehou van die soort wat mens in woestynagtige gebiede dra, helmhoede, sonbrille, gewees en ammunisie. En dan het hy gewoonlik ook gewees waar grond te koop was, maar hierdie inligting het hy sorgvuldig net

beskikbaar gestel as sy ondervraer gewillig was om kommissie te betaal ingeval hy die grond sou koop.

Oom Jan was ernstig siek, en met 'n lang ompad het die polisie eindelijk die berig by my besorg dat my oom so ernstig is dat ek baie vinnig sal moet ry as ek hom nog in die lewe wil aantref.

"Jou beste pad is oor Vryburg en Kuruman en daarvandaan met die lang buspad oor Van Zylsrus, langs die Kurumanrivier op tot by Askam. Maar pasop vir die rooi lyn!" So het die polisieman (half skertsend) sy boodskap beëindig.

"Hoekom?" het ek enigsins geprikkel gevra.

"Nee, sommer, jy sal wel gou genoeg uitvind," en daarmee is hy weg, en ek is na Askam.

My vader se mense was baanbrekers van daardie wêreld. Van Zylsrus is vernoem na my oupa, wat grootwildjagter was en daar aan sy einde gekom het. My een oom het voor sy dood by Klein Boetsab en Postmasburg met bokke en vetsterskape geboer totdat begin is met mangaanontginning. Daar is hy later dood. Nog 'n oom het by Upington, langs die Grootrivier op 'n rosyntjienedersetting te lande gekom en welvarend geword. Sy kinders — my neefs — boer glo nog daar. Nog 'n oom het asbes help delf naby Kuruman. En my eie vader was die eerste intrekker in die kalkwêreld wes van Taung, waar die Gaapse berg die Kalaharivlaktes se plat verlatenheid verbreek. So was die groot gesin wyd versprei oor die uitgestrekte sandwêreld van Noord-Kaapland, noord van Grootrivier, van Suidwes af tot teenaan Transvaal. Dié wêreld het hulle geken, en die paaie wat daaroor loop, kon hulle bedui soos die strepe oor hulle eie handpalms.

Ewewel, ek is na oom Jan toe, en bereik hom voor sy einde. Sonder kind of kraai, wou hy graag die oudste seun van sy oudste broer by hom hê as die einde kom. Ek kon toe ook nog sy sakies afhandel en sy laaste opdragte uitvoer. Toe is ek terug, padlangs soos ek gekom het.

By Van Zylsrus al het die eerste sersant ewe ongeërg by die petrolpomp kom kennis maak, gevra wie ek is, wat my in die wêreld binnegevoer het, en gemaak ernstig gevra of ek nie dalk skelm 'n gemsbok geskiet het sonder permit nie. En ewe half ernstig het hy toe my kar binne in vlugtig deurgekyk. „Die mense hier is ook maar bly om 'n vreemdeling te sien,” dink ek in my enigheid. „So ver van die groot paaie af, aan die kant van die lewe, hoor hulle maar min van wat buitekant aangaan.” So het dit toe gekom dat ons eers by sy huis gaan koffie drink het. Daar het hy my skelm-skelm ondervra, net so asof ons

net maar onskuldig gesels. Ek is toe daar weg, sonder veel erg aan die gebeurtenisse.

Toe dieselfde voorvalle plaasvind op Kuruman het ek aardig begin voel. Blykbaar hou die polisie my goed dop, maar waarom?

En toe ek by die petrolpomp op Vryburg ook ewe ongeërg deur 'n sersant gegroet word wat skynbaar doelloos daar rondstaan in die bloedige son, was ek effens prikkelig. Die lang stofpad help nie juis om 'n mens opgeruim te maak nie. Toe hy my groet en hom bekendstel, doen ek dieselfde, en voeg snipperig by: „Ek kom van Askam, waar ek my oom begrawe het. Op Van Zylsrus het sersant Schutte kom kennis maak, en op Kuruman sersant Davel. Hulle stuur albei groete! Hoe het hulle geweet ons sou mekaar hier by die pomp raakloop?” spot ek.

“Nee,” sê hy sonder enige teken van verleentheid, “al die paaie wat hier loop, kom uit die Kalahari. En die ‚Kalahari’ is diamantwêreld. Nou vra ons maar reisigers op die paaie of hulle dalk gemsbokke geskiet het, maar eintlik snuffel ons na smokkeldiamante. Agtertoe was hulle oortuig jy is nie 'n smokkelaar nie, daarom is jy daar deur. Ek moet maar net kyk dat jy sonder jakkalsdraaie spore maak huis toe!” Dit alles sê hy so terg-terg, maar ek voel tog dis ernstig.

Tuisgekom wag daar vir my 'n lang brief van broer Piet. Hy is al jarelank onderwyser op De Aar. Ons kom so een keer elke vyf jaar of wat by mekaar uit, maar tussenin skrywe ons so met horte en stote, net om seker te maak dat ons nog albei leef. Maar hierdie brief laat my sommer regop sit. Oorle vader het altyd vertel dat hy in sy kinderdae in Griekwalandwes gewoon het naby 'n sendelingspos wes van Griekwastad, op pad na die Grootrivier toe. Vader het dikwels by die sendeling se kinders gaan speel, en daar was 'n ou Griekwa, eintlik meer Boesman as iets anders, wat vir hulle dierestories vertel het en stories van die bromsand wat so gevaarlik brul as jy daarop loop. As hy hom bedwelm gerook het aan die daggapyp, het hy ook vertel van 'n soort skeur in die aarde langs 'n kop. Gaan jy by die skeur in en loop 'n ent in die donker, kom jy skielik in 'n grot met 'n gat bo in sy dak. Orals rond lê blink klippe — kleintjies, en groteres soos 'n babavuis. Aan die verhale het vader en ons self nie veel waarde geheg nie. Want 'n Boesman, wat boonop dronk is van daggarook, is nie so erg geloofbaar nie.

Maar toe lees broer Piet op 'n dag dat ons nie juis altyd die dinge verstaan wat ons weet nie. Byvoorbeeld, so vertel die skrywer, orals in Egipte en die Nabye Ooste is dit bekend dat Moses in die water gelê het in 'n mandjie wat dig gemaak

is met pik. 'n Paar duisend jaar al is dit bekend. Maar dit het 'n Amerikaner gekos om só te redeneer: Waar pik is, is olie! En die Amerikaner is na Moses se wêreld en hy het die rykste oliebronne in die wêreld ontdek!

“En,” skryf broer Piet, “toe begin ek mos ook redeneer, so: die hele wêreld hier langs is vrot van die diamante; diamante is blink klippies; blink klippies kan diamante wees . . . Vader se Boesman! . . .”

Kortom, broer Piet het onopvallend begin rondvra by ou inwoners wat Noord-Kaapland goed ken. Naderhand kom hy by 'n bejaarde oubaas uit wat gehoor het van 'n ou sendelingspos onder die Griekwas. Dis baie lankal opgehef, maar dit moes gelê het in die suidpunt van die Asbesberge, iewers anderkant waar Niekerkshoop vandag lê.

Die Griekwas daarlangs het glo verskuiwe nader aan Griekwastad. Dis tans verlate wêreld. En, soos gebruikelik in hierdie gebied, word orals diamantstories vertel. Almal glo dat in die wêreld — en dan wys hulle na die woestyn se kant toe — diamante moet wees. Maar waar? Dis die groot vraag. Nou weet broer Piet min of meer waar die ou sendelingspos gesoek moet word. Van Griekwastad af loop 'n pad Prieska toe. Op 'n punt, Witwater, draai 'n pad uit na Upington toe. Halfpad tussen Griekwastad en Prieska lê 'n gehuggie Niekerkshoop. Daarvandaan af loop 'n dowwe paadjie wat by Abrahamsdam aansluit by die Witwater — Upington-pad. So ontstaan 'n driehoek Witwater-Abrahamsdam-Niekerkshoop. Iewers in daardie kol was die sendelingspos, en daar lê ook die eerste koppies van wat verder noord die Asbesberge genoem word.

Nou wil broer Piet gaan seek. Waarna? Mens weet nooit. Hy vra ek moet saam gaan. Ek is tog my vader se oudste seun. Alleen kan hy nie gaan nie, en 'n vreemde is moeilik te vertrou.

Ons het oor en weer geskryf, bedenkings geopper, planne beraam, toe amper daarvan vergeet, maar die slotsom was tog dat ons twee na „Boesman-se-gat” sou gaan seek. Met my motor sou ek broer Piet in De Aar gaan oplaai met alles wat ons nodig sou hê.

Voor dit so ver gekom het, het ek onthou van die *rooi lyn*. My eerste kennismaking daarmee staan nog vars in my geheue. Moontlik gaan ons ons vasloop teen die rooi lyn, en wat dan? Veral as ons met 'n groot miskien Boesman se blink klippies raak loop? Waarlangs die lyn loop? Daar is maar een manier om uit te vind: vra.

Ek gaan vra toe die sersant wat my die eerste keer daarteen gewaarsku het. Ek het hom by die wagkantoor opgespoor.

"Sersant, onthou jy nog dat jy my gewaarsku het teen die rooi lyn?" loop ek hom tromp op.

Hy kyk my stilswygend aan, sy oë effens op skrefies getrek. Jy kon sien hy is nou agterdogtig, en dit sal uitoorlê kos om iets by hom uit te vind.

"Ja, en wat daarvan?" antwoord hy naderhand.

"Nee, dit staan so: toe ek van my oom se begrafnis op Askam terug gekom het, het by elke petrolpomp 'n sersant sommer so doodluiters kom vra waar ek vandaan kom, wat ek kom haal het, en of ek dalk gemsbokke teengekom het. Toe het ek gedink aan jou waarskuwing, en gewonder of dit die rooi lyn is. As dit is, dan wil ek darem oop oë loop. Een van die dae gaan ek dalk my neefs in daardie wêreld opsoek. Dan wil ek darem weet: Waar loop die lyn langs, hoekom is dit 'n lyn, en wat soek hulle by 'n mens!"

Eers aarsel die sersant. Toe sê hy: "Laat ek jou maar help. Voorheen was ek op Vryburg in die diens. Daarom weet ek iets hiervan. Maar ons kêrels praat nie eintlik daaroor nie. Daar is nie eintlik 'n lyn nie. Maar kom kyk op hierdie kaart. Jy sien, hier uit Vryburg loop 'n pad reguit na die draai van die Molopo toe en dan verder. Van Vryburg af gaan die grootpad Kuruman toe. Daar draai die pad uit na jou oom se wêreld by Askam en Witdraai. Hierdie grootpad gaan oor Cox, Postmasburg, Griekwastad, Prieska, Putsonderwater, Kenhardt, Pofadder tot by Springbok, en by elkeen van die punte draai paaie weg die sandwêreld van die Kalahari in. Die mense wat daar wegdraai, is nie gevaarlik nie. Baie van hulle kom nooit weer terug nie. Waarom nie, moet jy maar self gaan uitsnuffel. Maar die wat wel terugkom, kom uit die diamantwêreld. Hulle kan dood goeie mense wees, of smokkelaars. As hulle smokkelaars is, het hulle diamante by hulle. En dis hulle wat die mark bederf vir die ryk diamantmaatskappye. Daarom vind jy op al hierdie punte polisieposte, al is daar ook min mense. Hulle groot werk is om uit te vind of mense wat van agter af kom, diamante het. Dit is die rooi lyn, en dit is die werk van die polisie daar. Eintlik is hulle opgeleide diamantspeurders, as jy dit so wil noem."

"O, nou begryp ek," bedank ek, skynbaar verlig en groet.

Klaarblyklik sal ek 'n plan moet bedink voor ons op reis kan gaan. Na baie wik en weeg, na slaaplose nagte, kom ek eindelijk op 'n gedagte hoe om op te tree. Maar dit word toe vir my duidelik: vir broer Piet sal ek van die rooi lyn moet vertel, maar van my plan moet net ek weet, anders loop dit mis.

Die week voor ek afreis, skryf ek aan broer Piet dat ek met my groot Merk 503-kar kom, die een wat sy brandstof inspuit in

die silinders. Hy moet asseblief uitvind waar die naaste diensstasie is vir die soort karre.

Ek gaan nog een keer terug na die sersant toe met 'n vraag: "Hoekom noem hulle dit die rooi lyn?"

Weer die kort aarseling, en toe die antwoord: „Kyk, vriend, gaan jy by daardie poste verby, gaan jy by die wet verby. Daar kry jy nie 'n polisieman agter elke graspol nie, want graspolle is daar skaars. Mense wat daar in gaan, gaan soek iets, en elke ander een van hulle eie soort daar, is 'n aasdier nes hy, en is sy vyand. As jy 'n man daar ontmoet en jy vermoed hy het van die blinkertjies, is hy sy lewe nie meer seker nie, en, jy joune ook nie. Hond vreet hond, sê hulle, en die een wat eerste begin vreet, is moontlik die een wat die laagste sal blaf. Anderkant die rooi lyn — dis die wêreld van gryp en laat spaander. Rooi — dis mos die kleur van bloed, van vuur, van haat en hartstog en hebsug, en van waarskuwing teen gevaar.”

Ek het lank hieroor gedink. In my hart was ek reeds oor die rooi lyn. Broer Piet en ek, dood goeie mense, ons is onverwags ingesleep deur die drif om van Boesman se klippies te besit — om ryk te wees — lekker te leef. Maar, aag wat, sê ek naderhand vir myself: eintlik behoort dit aan niemand nie, en omdat dit my oorle vader se kinderwêreld is, kan jy maar sê sy kinders het 'n aandeel daaraan as hulle dit maar kan vind. So het ek my gemoed gepaai, maar onder in het ek onrustig gebly: mens weet nooit wie of wat jy agter die rooi lyn sal vind nie.

Eindelik is al my opdragte gegee en ek reis af na broer Piet. Op De Aar was alles gereed, en ons vertoef net lank genoeg vir koffie en beskuit. Toe val ons in die pad. Op Britstown hou ons nie stil nie en steek sommer deur Prieska toe. Halfpad soheentoe hou ons stil om na Houwaterdam in die Brakrivier te kyk. In hierdie wêreld hou mens stil om te kyk as jy oop water sien — dis die sigbare teken van lewe. Op honderd en dertien myl van De Aar af kom ons by Prieska aan, gaan eet gou in die hotel, en toe ons die petroltenk volgetap het, is ons reg oor die rivier noordwaarts na Niekerkshoop, jy kon maar sê: al met die rooi lyn langs. Nou is ons in die ding, en die vader weet alleen hoe sake sal staan as ons oor 'n week of wat weer hierlangs ry op die terug pad: ryk of tronkvoëls? Of bly ons anderkant die rooi lyn as aasvoëlkos? Wie sal weet?

Toe ons eers uit die rivierstreek is, lyk die wêreld maar naar. Dis droog en warm; net sand en kaïngklippe met af en toe 'n oumansbos. Hier en daar verspreide lappe besemgoed, laagbukkende blouhaak-en-steek. So af en toe ligte glooiings. Kolle-kolle slaan wit kalkclip in die pad deur. Toe ons op Niekerkshoop aanland, is dit moeilik om vas te stel waarop die

ou Van Niekerk gehoop het — dalk ook soos ons: blinkertjies? Is ons dan op die regte pad?

Die polisiepos wys met sy rooi sinkdak en die vlagpaal sommer waar ons moet gaan stilhou. Sersant Losper is aan diens. Hulle is net twee man; een werk nagdiens wat oorbodig lyk as mens nie weet van die rooi lyn nie.

Broer Piet se storie en myne is agtermekaar. Ons is op soek na 'n verlate graf in hierdie wêreld, die van ons oupa wat jare gelede hier iewers dood is. Onlangs toe ons vader oorlede is, het hy ons laat beloop ons sal die graf opsoek, herstel en 'n kopsteen daarvoor laat maak. Sersant Losper het aandagtig geluister, daarby geknik, maar g'n teken gewys of hy ons glo of nie.

“Ons sal 'n klompie dae in die omgewing wees, Sersant,” het ek hom aangespreek, “ons wil vir eers Niekerkshoop ons uitgangspunt maak om hiervandaan af die wêreld te fynkam. As dit nodig word, sal ons later meer noord na Witwater, of meer wes na Abrahamsdam verskuif. Kan u miskien vir ons losies verskaf — hoofsaaklik kos, en 'n bed snags. Bedags sal ons seker maar in die veld wees. Ons het net verloftyd tot ons beskikking, en die verstryk vinnig genoeg,” val ek hom sommer reguit aan.

“Stap saam huis toe,” nooi hy. “Dis 'n saak waaroor my vrou seggingskap het.” Ons maak toe so, en die sersant se vrou word ons gasvrou.

Broer Piet en ek het, soos ons gekom het, ons optrede bespreek. Ek het hom so ver as wat nodig is, ingelig oor die rooi lyn. “As ons iets kry, sal ons moet weet hoe om by die polisie verby oor die rooi lyn terug te skram,” het ek opgemerk.

“Hoe gaan ons dit doen?” wou hy weet.

“Ek het 'n soort plan, maar voorlopig moet jy dit aan my oorlaat,” antwoord ek.

“Vertrou jy my nie?” wou hy hierop weet.

Ek kyk hom aandagtig aan. „Ou broer, dis nie 'n kwessie van vertrou of nie. As twee mense van 'n ding weet, is dit een te veel. As die tyd ryp is, sal jy wel weet. Laat dit nou daarby.” Hy wou weer terugkap, moontlik daarop wys dat hy saam met my in die ding is, en saam met my verongeluk kan raak. Ek weerhou hom met 'n vraag: “Terloops, het jy uitgevind waar die naaste diensstasie is vir die Merk 350?”

“Net twee dienspunte — Kaapstad en Johannesburg. Hang dit saam met jou plan?” vra hy vinnig.

“Ek weet nog nie,” het ek ontwykend geantwoord, en dit was toe dat ons stilgehou het by Houwaterdam op pad hierheen. Maar toe het dit al vir my duidelik geword: die beste plan is

om dood eerlik op te tree; niks geheimsinnigheid nie; openhartig vertel, die polisie orals byhaal en om raad vra; hulle hulp soek. Hulle moet die geleentheid kry om ons te aanvaar as onskuldige mense. Hoe minder argwaan ons opwek hoe beter. Ons veiligheid en ons gevaar lê by die polisie.

Daardie aand nog het ons met sersant Losper die hele geskiedenis bespreek. Dit blyk toe dat hy my oupa se mense geken het, al my ooms, en hy was 'n keer ook by oom Jan op Askam, maar hy het oor Upington soheentoe gereis. Hy was nogal simpatiek oor die oom se dood.

Toe dit alles op die lappe kom, was sersant Losper aan ons kant. Hy het die nag-sersant by gehaal en ons het al die moontlikhede oorweeg. Hulle ken die driehoek wat ons moet deursoek redelik goed. Ou bouvalle ken hulle nie. Maar dis ook so: modderhuisies soos op die ou sendelingsposte aangetref, sal na vyftig jaar lankal spoorloos gelyk wees met die aarde.

"'n Sendelingspos sal naby vaste water moet gewees het," merk broer Piet op. "As hierlangs so iets is."

"Nee," sê sersant Muller. "Nee," herhaal hy aarselend. "Maar wag," net of iets hom byval, "Sersant Losper, daar bo, half na Abrahamsdam se kant, jy weet, daar waar die eerste los koppies van Asberge uitslaan, daar het ons laas so 'n soort droë loop raak gery toe ons agter daardie wegloper Griekwa aan was. Jy weet, dis toe jy nog opgemerk het: 'Hier het seker laas met die sondvloed water geloop'. Onthou jy!"

"Nou praat jy van 'n ding," sê sersant Losper. "Dis nooit anders nie. Dis 'n goeie plek om te begin — net so goed as enige ander plek. Maar daar kom julle nie met 'n kar nie. En dis te ver om te loop. Dis teen die regulasies, maar as julle mooi vra, kan ons 'n plan maak met ons patrollieperde."

"Maar sê bietjie: Gestel nou julle kry 'n graf, hoe sal julle weet dis die een van julle oupa en nie die van ou Adam Kok se seuns nie?" vra sersant Muller belangstellend.

Die vraag het ons verwag. Broer Piet antwoord: "Oorle Pa het vir ons beduie dit lyk soos 'n graf van daardie tyd: dit lê oos-wes, klippe tot kniehoogte rondom vierkantig opgestapel soos 'n muur, met 'n groot ronde klip aan die westekant by die koppenent. Dit sal seker nie meer so wees nie, maar mens sal darem jou gevolgtrekkings kan maak."

Vroeg die volgende oggend is ons twee voort met twee patrollieperde — kos en waterkanne, genoeg vir die dag. Sersant Losper het vir ons op papier 'n kaart afgetrek, aanduidings gemaak, aangeteken hoeveel uur te perd, en alles wat nodig is om ons te help. Hulle durf nie van die pos af weggaan

nie, daarom moet ons alleen deurdruk. Ons behoort voor donker weer tuis te wees.

As mens lank laas perd gery het, is dit bra ongemaklik om perd te ry. Mens sit so gou deur, en dan word dit 'n ellende. Ons het gery soos die kaart gewys het, maar omdat ons nie na graftes en nie na oop veld gesoek het nie, het ons fluks gevorder. Die son was nog glad nie kwaai warm nie, toe sien ons al die eerste skotige rand. En gou was ons toegespits op 'n Waterloo of klipskeure of op iets wat moontlik in die ou tyd 'n werf kon gewees het. Ons het gesoek, kruis en dwars. En die son brand, naderhand genadeloos reg van bo af. Toe het ons afgeklim en geëet. Die perde het elkeen 'n mondjievul water in die seiltroggie gekry en 'n dubbele handvol graan om aan te kou.

Ek kyk boet Piet aan en gaan skielik aan die lag. "Wat is nou snaaks?" vra hy nukkerig.

"Nee, broertjie, jy lyk half gebraai in die gesig," spot ek so effens.

"As jy in die naaste spieël kyk, sal jy sien jy lyk niks beter nie," antwoord hy met stywe lippe, want die son het sy werk goed gedoen.

Net met sononder kom ons by die "losieshuis" aan. Moeg en gedaan, seer van lyf, deurgery, en erg bekaaf. Ek en broer Piet is ewe nukkerig en dit skeel min of ons gaan sommer huis toe.

Ons het gewas en geëet en 'n bietjie kajuitraad gehou. Die twee sersante en die gasvrou praat moed in. Oor 'n dag of twee sal dit wel beter gaan. Net kop hou en aan hou. Goeie raad kan hulle ons nie gee nie, want hulle dink ons soek iets anders as wat ons soek.

Ewewel, na 'n goeie nagrus was ons nog styf en lyfseer maar nie meer neerslagtig nie. Ons perde is die wêreld gewoond en taai in die diens. Ewe fris was hulle gereed vir die nuwe dag. Ons ry ongemaklik, so vinnig as wat ons dit kan verdra, reguit na die punt toe waar ons die vorige dag opgehou het. Ons begin opnuut spoorsny, dieper die rantjies in. Net voor middag kry ons sersant Muller se droë loop. 'n Entjie daarvandaan half teen 'n skuinste wat hoër lê as die hele omgewing, merk ons so half en half iets van 'n ou ringmuur. Duidelik sigbaar is dit nie, maar aan die manier wat die los klippe rond lê, kry mens die indruk van klippe wat gestapel moes gewees het om 'n ou werf, soos ek een keer by Korannas — wat ook maar 'n soort Griekwa is — in die Gaapse berg gesien het. Hulle soek altyd die hoogste punt vir 'n lêplek sodat hulle die vyand van ver af kan sien kom. Toe ons fyner oplet, sien ons gou dat dit werklik 'n ou werf moes gewees het. Eenkant lê 'n langwerpige grondhoop — miskien die oorblyfsels van die ou sendingkerkie.

Dit laat ons dink dat ons op die plek gekom het waar die ou Boesman gerook en sy stories vertel het. Toe moes ons terug om voor donker nog tuis te wees.

Volmoed is ons die derde dag vroeg in die pad. 'n Effense koel luggie van die weste af laat ons vinniger vorder. Van die werf af sny ons spoor, agter 'n ou put of 'n kuil aan om te kyk waar die werf se bewoners water gekry het. Ons volg die loop. So 'n halfuur te perd swaai dit skielik onder 'n skuinste in en loop dood. Ons klim af, stap nader, en sien toe dat die water oorspronklik uit 'n spleet gekom het, verberg agter 'n oorhangende klip.

Broer Piet en ek kyk mekaar aan. Ek sien sy mond is ook droog van opwinding. Ek probeer eerste, gaan lê plat bo-op die lysie wat nog duidelik glad is soos die water dit geslyp het, en rol na agter toe. Niks hinder my vordering nie. Ek roep dat broer Piet moet volg. En voor hy nog by my is, staan ek regop in 'n onderaardse kamer, met 'n luggaat bokant my kop.

"Boesman-se-gat," sê ons gelyktydig.

Na 'n rukkie kan ons beter sien in die skemering. Duidelik het die ou onderaardse rivier teen die een muur 'n draai gemaak, en daar 'n groot holte uitgekalkwe. Op ons knieë ondersoek ons dit, toe sien ons meteens: blinkklippies — grotes en kleintjies, sakke vol! Maar dis 'n kalkgrot.

Verslae kyk ons mekaar aan. Wat nou? Broer Piet wil sommer los en vas alles opraap. Maar ek keer. Laat ons verstandig wees. Ek het twee bankseilsakkies saamgebring. Laat ons albei vol maak met klippies nie groter as ons pinkie se punt nie. Die goed moet verkoop word, skelm, en wie sal 'n blinke koop so groot soos vuiste?

"Gaan jy die ander hier laat bly?" vra boet Piet, skielik boosaardig en vyandig. "En vir wie?"

Ek hoor dadelik argwaan en agterdog. Hier lê gewaande miljoeneskatte voor ons voete, meer as wat ons twee in ons ganse lewe kan opmors. Dink hy ek wil hom koudlei, bedrieg? Nou moet ek oppas: ons is agter die rooi lyn. Skielik gewaar ek 'n derde persoon by ons: die dood. My eie broer.

Elk geval, ons bedaar, elkeen maak sy sakkie vol soos ek voorgestel het. Ek sien broer Piet tel twee groot vuiste op, en laat hom begaan.

Ek gaan eerste uit, om seker te wees dat niemand my voor by die rotslysie met 'n klip oor die kop slaan nie. Skielik vertrou ek my broer nie meer nie. Dis duidelik dat hy my ook nie vertrou nie.

Buitekant besluit ons om die spleet onopvallend toe te pak met los klippe sodat niemand per ongeluk in die grot beland nie.

Ons twee sal weer terug keer, en weer, totdat . . . Of sal ons twee wees?

Naderhand is ons op pad polisiepos toe. Maar hoe nou? Die twee sakkies is swaar en opvallend. Ons besluit dis beste om net na sononder aan te kom. Dan sal ek ongemerk albei sakkies neem en in ons kar gaan versteek solank as hy die perde by die stal besorg waar die staljong sal staan en wag.

Dit gebeur toe so. Ek sluip die ruim motorhuis binne waar ons Merk 350 langs die ouerige model van sersant Losper staan. Nou voer ek my plan uit. Vinnig dop ek die voorste sitplek om, stop albei sakkies stewig tussen die kussingvere in, stel alles weer reg, en sluit by broer Piet aan.

Broer Piet se agterdog maak hom swygsaam, en ek sluit daarby aan om ons gasheer en vrou onder die indruk te bring van neerslagtigheid. Ons kondig aan dat ons die volgende dag, die vierde, wil oorlê om bietjie te rus. Heeldag perdry is nie elke man se werk nie.

Ons maak toe so. Maar broer Piet is swygsaam en bot. By hom broei iets wat nie reg is nie.

Teen die middag stel ek voor dat hy en ek so 'n entjie moet gaan ry met die Merk 350. Dis goed vir die kar se battery en ons moet besluit hoe om weg te kom sonder om argwaan op te wek. Ons gasvrou stel voor dat ons in die rigting van Witwater moet ry; vorentoe is 'n paar plat koppe met 'n besonderse vorm, en dis nie te ver nie. Ons kan elkgeval lank voor sononder terug wees.

Ons ry toe weg en begin planne bespreek. Die een plan na die ander word oorweeg en verwerp. Broer Piet is oor alles agterdogtig. Dis duidelik dat hy wil sorg dat ek hom nie bedrieg nie.

"Gaats," sê ek naderhand, "dit lyk my ons twee gaan vir die res van ons lewens hier op Niekerkshoop bly sit op soek na oupa se graf. Die diamante het ons so vasgevang dat ons nooit weer los kom nie." Broer Piet het drogies gegreins. Toe is ons terug.

So vyf myl van die polisiepos af gee die Merk 350 so 'n lang sluk en gaan staan. Ek lig die enjinkap op, soek orals rond, maar kry niks verkeerd nie. Daar sit ons, wat nou?

Moedeloos probeer ek weer die aansitter, en daar vat die enjin. Ons ry so 'n ent, en daar sluk hy weer en gaan staan. So hou dit aan. Blykbaar gaan iets verkeerd nes die enjin warm is. Ons kom baie lank na sononder tuis. Sersant Losper loop ons tegemoet.

Opgewonde verduidelik hy: die polisie uit Prieska het deurgebêl. My vrou het hulle opgeroep, ek moet dadelik huis toe

kom, ons seun het in 'n voetbalwedstryd 'n skop op die kop gekry. Daar is ernstige bloeding, 'n noodoperasie is aan die gang.

Daar sit ons toe in die knyp. Broer Piet kyk my met groot oë aan. Met die Merk 350 durf ons nie in die pad val nie. Sersant Muller kom by. Ons verduidelik die kar se gedrag. "Ja," sê hy, "ek het al gehoor karre met inspuitbranding maak so as die spuitgaatjies te groot geslyt het." Daar moet nuwe spuitpuntjies inkom.

"O gorrell!" swets boet Piet, "en jou naaste diensstasie is Kaapstad of Johannesburg! Wat maak mens met so 'n kar?"

'Ons het toe maar eers gaan eet, nurks en befak.

Ons gasvrou en sersant Losper staan eenkant en raadhou. Sy dring aan op iets, maar eers wil hy nie. Naderhand gee hy toe en hulle kom weer tafel toe.

"Al plan is dat julle met my kar moet voort. Julle kan my tog nie kul nie, want die Merk 350 bly hier, en is maklik drie keer soveel werd as myne. Daar is een gevaar: almal hierlangs ken my ou tjor, en as julle met hom deur Prieska ry sonder my, keer die polisie julle sowaar vas. Ek sal moet saam ry tot by die polisie verby in Prieska. Hulle sal my met 'n diensmotor kan terug stuur en sersant Muller sal solank aan diens bly."

Ek probeer nog keer, maar broer Piet is sommer dadelik gered.

Kort na dagbreek is ons die volgende oggend voort. Broer Piet het aanhou lol oor die sakkie, maar ek het hom gepaai — ek het 'n plan. Maar ek wou nie sê wat nie.

"Sowaar, Ouboet, as jy my bedrieg, kan jy seker wees jou vrou sien jou nie weer lewendig nie!" het hy my met rooi belope oë bedreig. My eie broer het ek nie meer geken nie. Toe kom sersant Losper, en verder praat ons toe nie. Ons groet en vertrek. Die plan was dat ek so gou moontlik sou terug keer met die tjor, nuwe spuitpunte saambring en dan met die Merk 350 weer vertrek.

Op pad na Prieska beduie sersant Losper oor die onbedagsaamheid van voetbalspelers, hy betuig simpatie, en hoop alles sal goed afloop.

Kort na sonop kom ons in Prieska, oor die rivier by die petrolpomp. En daar staan 'n polisieman.

Ek hou asem op. Broer Piet vermoed niks en tree derhalwe dood natuurlik op. Sersant Losper stap vorentoe, groet sy ampsgenoot op sy voornaam. Hulle stap eenkant toe, gesels gedemp maar ernstig. Toe kom groet hy vir ons en wens ons 'n voorspoedige reis toe.

Ek sit agter die wiel en gee vet so wat ek kan. Ons moet

so vinnig as moontlik ver oor die rooi lyn kom. Vir broer Piet sê ek taamlik kortaf: "Bly nou eers stil en hou op neul oor jou sakkie. Netnou, daar by Houwaterdam kan ons stilhou. Dan sal jy alles verstaan."

Toe ons by Houwaterdam kom en niks het gebeur nie, hou ek stil.

"Broer Piet," sê ek, "keer die kussing van jou sitplek om." Hy maak so. Sprakeloos haal hy die twee sakkies tussen die staalvere van die kussing uit.

"Maar ek verstaan niks van die hele gedoente nie," sê hy naderhand.

"So het ek dit bedoel," sê ek. "As jy verstaan het, het jy alles bederf deurdat jy dan senuweeagtig sou gewees het. Jy weet tog, ons is oor die rooi lyn. Het jy nie geweet nie? Wat jy nie geweet het nie, is dat die polisie by die lyn elke reisiger fyn deurkyk, en as iemand snaaks optree, word hy gevang en gevisenteer. Die beste plan om by die polisie verby te kom, is om deur 'n polisieman oor die rooi lyn begelei te word. Daarom het die Merk 350 skielik 'siek' geword. Ek het skelmpies 'n stel ou spuitpunte ingesit. Hier is die nuwes in my sak. Daardie oproep aan die polisie het ek met my vrou afgespreek. Sy moes op die vierde dag Prieska se polisie bel, en vra of hulle wis waar ek is. As ons nie gereed was nie, sou ek gisteroggend vroeg vir hulle laat weet het hulle moet my vrou gerusstel as sy bel. As hulle dus sê hulle weet waar ek is, moet sy stil bly en net groete laat weet. Sê hulle hulle weet niks van my af nie, moet sy die boodskap gee oor die seun en sê hulle moet Niekerkshoop bel. So kry ons dan al die polisie aan ons kant, en 'n polisieman lei ons uit die gevaar uit."

"O," het broer Piet kommentaar gelewer, maar stug gebly. So is ons De Aar toe. Die tjor het ek by 'n motorhawe gelaat met die opdrag om dit nuut te spuitverf en te voorsien van vyf nuwe bande. Die gebaar sal deur ons gasheer en vrou waardeer word.

Met my sakkie blinkgoed het ek die nagtrein gehaal Johannesburg toe waar ek 'n slyper goed ken. Van hom sal ek hoor wat om te doen.

Maar die houding van broer Piet het my gepla.

Ek is gouer terug De Aar toe as wat ek verwag het. Op die stasie het ek maar oorgesit tot sonop om nie vir broer Piet nog meer te ontstel as wat heeltemal nodig is nie.

Toe ek by hulle huis aankom, was hy net besig aan sy oggendkoffie.

"O, en wat bring jou so gou hier?" groet hy agterdogtig.

"Nee," sê ek, "ek bring maar vir jou die tweede sakkie

klippies ook. Jou kinders sal moontlik graag met kristalle wil klipspeel." Ek sit die sakkie op die tafel neer, haal 'n sorgvuldig verpakte fles uit my tas, neem een van die blinkes, en laat dit versigtig in die vloeistof val. Broer Piet se aandag is star vasgevang. Die blinke maak al vinniger borreltjies, en gou staan 'n gasrokie by die fles se bek.

"Nooit," sê broer Piet. Hy gaan haal een van sy eie klippies en kom gooi dit ook in die toetsuur. Geen diamant word deur enige suur aangevreet nie, enige kind in die diamantwêreld kan jou dit vertel. Broer Piet het bot staan en kyk hoe sy diamant stadig kleiner word, toe swaar gesug en omgedraai.

Ek moes maar alleen die verjongde tjor terug bring Niekerkshoop toe. Toe ek die volgende dag die lang pad vat huis toe, het ek eers in Prieska by die pomp stilgehou, die sersant daar tegemoet gestap, hom vriendelik gegroet, en gesê: "Baie groete van sersant Losper!"

En later, as die teerpad sulke lang ente mesreguit oor die Karoovlaktes meet, dink ek: "Ek was nou drie keer oor die rooi lyn, maar hierdie keer het broer Piet anderkant agter gebly. Die onsigbare rooi lyn van Vryburg oor Prieska na Springbok is maar 'n denkbeeldige lyn. Die werklike rooi lyn is die een in ons hart — anderkant ons eie rooi lyn woon die werklike mens, en dis gevaarlik om hom te ontbloot."

Vir broer Piet het ek nog nooit weer gesien nie.

VINCENT VAN DER WESTHUIZEN

AMOURETTE

Die liefde is 'n vrees
wat sluip deur 'n laan,
as dit donker is,
agter boomstamme staan
en loer op sy buit
met 'n honger gloed
in sy buik, en sy tong
dor en dorstig na bloed.

Met die koms van die son
gee die liefde pad
om te skuil waar die beendere
lê, in sy gat.

REBEL

Dat ek met elke dood
my eensaamheid vergroot,
met elke dom herrysenis
weer nakend en verwondbaar is,
met elke liefdesnood
weer toegee aan die dood —
dit is my dawerende angs
as ek gepantser langs
die rooi rebellievlag
bewus staan van my krag,
gereed staan vir die mars
en deur die ordes knars.

ANDRIES ALBERTS:

BETEKENIS VAN DIE DORSLANDTREK

Ná die Groot Trek en die Eerste Vryheidsoorlog was die Dorslandtrek die derde grootste gebeurtenis in ons vaderlandsgeskiedenis. Dis 'n gebeurtenis wat, namate internasionale verwickelinge in Afrika ontplooi, al beter begryp kan word.

'Daar was 'n periode toe hierdie trek as 'n doellose en futiele manifestasie van die sg. trekgees beskou is — nie net deur onkundige leke nie, maar selfs deur geskoolde historici.

In sy *Baanbrekers van Suidwes* het Preller gelukkig 'n historiese verantwoorde beskouing van die Dorslandtrek laat deurskemer. Sy objektiewe benadering het die oppervlakkige literêre mite van 'n grootskaalse blinde romantiese avontuur met die trekgees as tema beëindig. Sy werk was egter tot die eerste fase van hierdie groot en grootse gebeurtenis beperk. 'n Breë en diep besinning oor die betekenis van die halfeeue as geheel was om twee redes buite sy bestek: Hy was nie self 'n Angola-Boer nie, en hy het geskryf vóór wêreldomwentelinge 'n duidelike agtergrond kon verskaf.

Preller het nietemin die kern van die saak raakgesien, nl. dat dit nié 'n sinnelose onderneming was, wat sonder rym of rede op yslike rampe en ysingwekkende avonture uitgeloop het nie. Feitegetrou beeld hy die ongeëwenaarde doelgerigtheid en die weergalose disipline van die reisende republiek, en suggereer hy dat die Dorslandtrek 'n deurtastende *karakertoets* van die Boerenasie was.

Ook die joernaliste wat die Angola-Boeretrekk terug na Suidwes in 1928 gedek het, het die verbluffende morele krag van ons volkselement gerapporteer.

In die jare ná 1870 het verskeie groepies Transvaalse Boere uit die omgewings van die teenswoordige Standerton, Pretoria, Witwatersrand, Rustenburg e.a. besluit om in 'n noordwestelike rigting deur Betsjoeanaland te trek. Waarheen en waarom het niemand baie duidelik gesê nie. Drie antwoorde is later op die waarom-vraagstuk gegee: eerstens, die vrees vir annekasie van Transvaal deur Brittanje; tweedens, bekrompe leerstellige ontevredenheid met die vrysinnige godsdiensbeskouing van pres. Burgers; en derdens, bandelose trekklus.

Van die drie is slegs die eerste, na my wete, ooit deur 'n

erkende Dorslandtrekkerleier as beweegrede aangevoer. Van ontvredenheid met pres. Burgers se beweerde vrysinnigheid of ruimsinnigheid het niemand ooit gerep nie — en hoe baie is daar nie in geselskappe en Geloftedagtoesprake gesê nie!

Buitendien was die meeste Dorslandtrekkers en Angola-Boere in dieper sielswese vanself denkende, en dus andersdenkende, mense: oerindividualiste wat die individualiteit van ander prakties gerespekteer het, of minstens geïgnoreer het. Vir ons was dit niks snaaks as 'n ander mens 'n ander opinie huldig nie — net so min as wat dit vir ons snaaks sou wees as 'n ander mens 'n ander naam of ander gesig het.

Die Dorslandtrekkers was uitgelese, buitengewoon intelligente en gesonde mense. Mense wat liggaamlik, verstandelik of sedelik swak is, sal immers nooit so 'n reusagtige taak aanpak nie, en kan vanselfsprekend nie 'n half eeu lank daarmee volhou of daarin volhard nie.

Die dorsramp van die Greylingtrek wat aan die hele Dorslandtrek sy naam verleen het, was 'n geïsoleerde en verbygaande episode. Onmiddellik daarna neem tipiese leiers soos Gert Alberts, Koos Botha, Petrus v. d. Merwe, Georg Diederik Prinsloo, Willem Venter en Andries Alberts die leiding bekwaam op hulle.

Dan begin een van die weinige reisende republiekstate in die wêreldgeskiedenis ordelik, met perfekte dissipline en gesag fungeer.

In die noordweste van die teenswoordige Suidwes word 'n poging aangewend om formeel 'n geografiese republiek te stig. Dit misluk, en in 1881 is die mense op die tafelberg Humpata in Angola gevestig. Hier lewer hulle 'n halfeeu lank as vrywillige skerpskutters en verkenners in oorloë van die blanke Portugese teen swart babaredomme 'n onskatbare bydrae tot die bestending van die westerse beskawing in donker Afrika.

Gedurende die halfeeu van hulle vreemdelingskap onder die Rooms-Katolieke Portugese vlag het ons mense 'n georganiseerde, protestantse, blanke kolonie gebly. Staatswysgerig gesproke was hulle 'n staat binne 'n staat — 'n grondlose Boererepubliekie binne die grondgebied van die Portugese monargie.

Toe hulle daar kom was die uitgestrekte kolonie, wat ruim so groot as die hele Republiek Suid-Afrika is, totaal onbeskaaf en onbeset. Die Portugese was 'n seevarende nasie wat met hulle skepe wel die strategiese hawens Luanda, Lobito en Mossamedes kon beset, maar oor geen transportmiddel, kennis of mensemateriaal beskik het om die reusagtige binneland te ontwikkel nie. Hulle vervoermiddel was die Portugese skreeu-

kar — 'n primitiewe skotskar met plankwiele en houtaste wat geloop en knars en kraak het, en nie veel vrag sonder pad oor ruwe berge en vals moerasse kon vervoer nie.

Die skreeukar was getrek deur twee Alentejo-osse. Die juk was met toue en lappe voor die osse se koppe aan die horings vasgewoel. Dit het nie soos Boerejukke op die osse se nekke gerus nie. 'n Mens moet jou die geweldige hefboomkrag van die tweewielige ou voertuig aan die osse se koppe indenk, om die werktuigkundige agterstand in vergelyking met die ossewa te besef. Baie gou was die Dorslandtrekkers se vierwielysteras-ossewaens met hulle gedamseerde spanne Afrikanerosse dan ook die spoorwegstelsel van die land en is die naam *Carro Boër* in Portugees verewig.

Net so gebrekkig was die Portugese se kennis van die veld en hulle insig in die aard van inboorlingsielkunde. As 'n Portugese handelaar dit nog met behulp van *carregadores* (Bantoes wat transport te voet op die skouers vervoer) in die binneland waag, is hy dikwels vermoor en soms halfdood gemartel. 'n Bekende ou handelaar se ore was in repies gesny en sy wange met warm assegaaipunte gebrandmerk, om hom by wyse van herinnering gedurig tot onderdanigheid aan die swart gesag te maan.

Die oomblik wat die Dorslandtrekkers daar land was daar wet en orde. Tog het hulle 'n humanistiese houding teenoor die natuurlike ingeneem. Dit kon hulle weens hulle doeltreffendheid as natuurkenners en met behulp van die ossewa, die ryped en die roer ferm handhaaf.

Die handhawing van 'n hoë beskawingspeil in die ver, woeste, gevaarlike wêrelddeel was nie 'n maklike taak nie. Die self-onderhoudende lewe het sweet en bloed, eindelose opoffering en harde, volgehoue arbeid gekos.

Die man moes sy plaas uit voorwêreldse chaos skep, bewerk en sy woonhuis self bou met stene wat hy self gevorm en hout wat hy self met eie blanke hande gesaag het. Dit terwyl hy transportry of op oorlog gaan om skaars geldjies te verdien. Die vrou moes haar netjiese kerkkappie sowel as haar man se dik werksklere op haar eie naaimasjien maak; haar koffie self brand en maal, haar brood self bak en selfs wasgoed met eie blanke hande was. Dit terwyl sy vier-vyf kinders in die lewe bring, voed, klee en leer lees en sing.

Hoewel daar geen staatskole en -koshuise was nie, en kinders myle te voet of met esels na 'n tydelike privaat Boereskooltjie moes aansukkel, het nie een enkele ongeletterd opgegroeïe nie.

Hoewel die Boere as jagters en transportryers gedurig in

modder en stof met vetterige rieme en bokseile moes werk, het niemand ooit onnet op 'n dorp verskyn nie.

Hoewel daar ook ryk en magtige enkelinge en invloedryke leiersfamilies was, is geen swak of verleë minderheid ooit veronreg, uitgebuit of ontroof nie. Die ongeskrewe Dorsland-trekkergrondwet het onbeweeglik dogmaties op 'n rots van onpartydige reg en geregtigheid en demokratiese gelykheid van alle burgers gestaan. Daar was geen diskriminasie nie.

Terwyl mede-Afrikaners in die Unie verengels en kultuurverenigings 'n stryd moes voer met patetiese leuses soos *Afrikaner wees jouself!* het die Angola-Boer se identiteit nooit gewankel nie.

Hoewel die klein blanke kern deur swart miljoene omring was, het niemand ooit vir sy voortbestaan, sy melk of sy brood, van swart arbeid afhanklik geword nie. Dit kan die magtige, skatryke Republiek Suid-Afrika vandag nie sê nie. Die absolute afwesigheid van bloedvermenging verkry sy konsekwensie daaruit dat daar ook geen ekonomiese verbastering van arbeid of noodsaaklike lewensmiddele (ekonomiese integrasie) voorgekom het nie; waardeur die Dorslandtrekergemeenskap sy stoflike onafhanklikheid naas geestelike selfstandigheid verseker het.

Wat die beroepsjoernaliste in 1928 getref het was die feit dat daar geen bloedvermenging gedurende die half eeu plaasgevind het nie. Dit in 'n land waar Portugese vryelik met naturelle omgaan, en 'n groot kleurlingbevolking groei.

Hierdie merkwaardige feit is toe sommerso as die gevolg van die Boere se beweerde Calvinistiese godsdienstvroomheid verklaar. By nadere oorweging blyk dit egter dat godsdien en goeie gedrag nie noodwendig oorsaaklik verbind is nie; en dat daar ook ander verskynsels is wat nie in terme van godsdien verklaar kan word nie.

In die vyftig jaar het daar onder 'n gemeenskap van meer as tweeduisend siele ook geen egskeiding, misdaad, dronkenskap, dieremishandeling of bedrog voorgekom nie; geen skuld onbetaal gebly nie.

Die ware verklaring van sulke morele gedrag lê in ons volksetos, binne in die karakter van die individu. Dit lê nie buite die enkeling in enige volkstradisie of nasionale godsdien nie. Dit kan voorlopig na die opvoedingstelsel of 'n soortgelyke karaktervormende faktor toe herlei word; uiteindelik peil dit na die diepste wese van menslikheid self toe.

'n Sterk etiese redelikheid, bewus, onbewus en onderbewus, was dwarsdeur die eeue tipies van beskaafde volke. Ewe tipies was die afwesigheid of afwating daarvan by dekadente volke.

Dis die sekerste barometer waarmee vasgestel kan word of 'n volk 'n toekoms het en of hy sy ondergang tegemoet gaan. Dit is blykbaar die oerkrag wat nasies laat groei, deur kulture en beskawings te skep. Hierdie oerkrag was teenwoordig in die oerstad Ur vóór die roeping van Abraham as die vader van alle gelowiges.

Dit kan nie aan die Calvinisme in besonder of die Christelike godsdiens in die algemeen gewyt word nie; want dit was en is daar waar die kerk nie is nie, en ook waar die kerk faal. Sedelikheid is eintlik 'n heidense lewensbeskouing, of liewers lewenswyse, maar die kerk het dit soms heelhuids, soms gedeeltelik aanvaar, en, soos die Roomse, selfs daarop gebou.

Tipies van die Dorslandtrekkermoraal was dat dit in die individu gesetel was; sy oorspronklike gewete gevorm het, *waar hy alleen was*; want hy was meesal alleen as transportryer op ongebaande weë, honderde kilometers ver van die moedergemeenskap, die wet, die polisie, die kerklike of wêreldlike gesag verwyder. Dáár, in sy eensaamheid, het hy in 'n situasie verkeer waar hy sy eie baas was; waar hy kan en mag doen wat hy begeer, às hy wil. Sy gedrag is daar uiteindelik deur sy eie, vry, selfbeheerde en selfgeregeerde goeie bedoelinge bepaal. Hierdie mense was goed omdat hulle uit eie beweging, eie gesag, eie neiging, eie aard, eie natuur, eie wêreld- en lewensbeskouing goed wou wees.

Daar was geen doeltreffende dwang nie.

Hulle kon en mag hulle sleg gedra het. Niks of niemand sou hulle kon verhinder nie, veral nie in daade wat volgens Portugese wet en gewoonte volkome geoorloof is nie.

Daar was geen geregsdienaer, strafhof, toesig of wag hond oor die eensaam, afgesonderde, vry enkeling in daardie bykans onbegaanbare en onbereikbare heelal van oerwoude, moerasse, berge, riviere, sandwoestyne, jagvelde en barbaredomme nie.

Die versoekings was ontelbaar en oneindig; nogtans het niemand daarvoor geswig nie.

Dit lei tot die gevolgtrekking dat die potensiaal van 'n volksetos *die mens aangebore is*, en dat dit soms spontaan tot uiting kan kom.

Ons klassieke voorbeeld suggereer dat dit as innerlike wet ontluik waar 'n uiterlike regstelsel ontbreek; dat dit as rigsnoer dien waar daar geen gebaande paaie bestaan nie; dat dit lewenskrag inboesem aan man, vrou en kind wat werklik wil leef.

Die ontstaan van die etiese bewustheid in die evolusiegeskiedenis van die mens moet 'n biologiese grondslag hê;

want dis essensieel vir lewe, en die teenoorgestelde van persoonlike of nasionale selfmoord. Dis 'n middel tot die doel van 'n hoër stoflike en geestelike lewe; so vorm dit 'n oerchromosoom in die genetika van die gees.

Onder die Angola-Boere het daar nie net 'n ongeskrewe morele wet nie, maar ook 'n ongeskrewe morele literatuur gefloreer.

Met die wonder van die Dorslandtrekkeretiek is een resultaat van die trek gegee. Die antwoord op die vraag: *Waarom het hulle getrek?* kan nou van hierdie resultaat afgelei word.

Dis duidelik dat die weersin in Britse anneksasie en die afkeur van president Burgers se modernistiese lewensbeskouing nie sterk genoeg was om so 'n ongeëwenaarde gebeurtenis te motiveer nie. Daarom het selfs geskoolde historici die trekgeestoorie onderskryf; want 'n antwoord op die vraag wil hulle hê.

Maar trekgees moet op sy beurt 'n oeroorsaak hê. Wat was dan die oeroorsaak van die trekgees?

Dit is 'n vraag wat net teoreties-filosofies beantwoord kan word. Dit sal nooit empiries-histories verklaar word nie. Vergun my dus om in my hoedanigheid as die agterkleinseun aan vaderskant van die ou leier Gert Alberts en agterkleinseun aan moederskant van die ou president Georg Diederik Prinsloo my persoonlike mening te verstrek.

Daar is in die siel van die *lewendige* mens 'n drang na selfverwesening. Dit spruit uit 'n bewuste vorm van geestelike ontwikkeling wat ek eenmaal e-volusie of die wil tot uiting genoem het. Prinsipiël is dit dieselfde geeskrag (let op die woord krag) wat beskawings en kulture oral skep. Dit is mutatis mutandis dieselfde oerkrag wat gedurende dieselfde dekade Willem Kloos en ander Tagtigers besiel het om groot kunswerke te skep; wat ook Moses besiel het om die grondslag van die monoteïsme in teenstelling met die Egiptiese politeïsme te lê; dieselfde evolusiedrang wat Abraham besiel het om Haran te verlaat en sy eie nasie, sy eie godsdiens in Kanaän te gaan verwesenlik.

Uiteindelik is dit dieselfde oerdrang wat die Skepper besiel het om die hemel en die aarde te maak; want die mens is na die ewebeeld van God geskape. Die heelal dank sy bestaan aan hierdie verwesenlikingsenergie.

Die Dorslandtrekkers het getrek omdat hulle selfstandig wou wees, hulle self wou verwesenlik deur in hulle eie woorde *iets wat ons eïghe is te soek*.

Die lewendige, energieke, gesonde, intelligente mens is soos 'n gelaaide battery, vol spanning tot selfverwesening. Die

Dorslandtrekkers het geleentheid daartoe in die trek gevind, en teen 'n hemelhoë prys aan sweet en smart 'n groot sukses — iets unieks in die wêreldgeskiedenis — daarvan gemaak.

Baie belangriker as die waarom en sy antwoord is egter die dieper boodskap van die Dorslandtrek vir ons volk as geheel. Dit lê daarin dat, indien Republiek Suid-Afrika as blanke staat wil voortbestaan, alle blankes die voorbeeld van daardie volksetos teen 'n hoë prys aan opoffering sal moet ewenaar.

Die sloerende houding van staatsweë met 'n logiese program vir blanke voortbestaan laat my dink dat ons groot staatsmanne nie genoeg vertrou in die teenswoordige Suid-Afrikaner het om die nodige offers van hom te durf vra nie. Die Dorslandtrek en die Tweede Vryheidsoorlog het egter bo alle twyfel bewys dat ons nasie in die verlede wel daartoe in staat was. Tensy ons ras sedertdien ontaard het, saam met Europa begin kapituleer het, bestaan daar geen rede waarom 'n herlewing van die Afrikaanse volksmoraal nie 'n onoorwinlike dryfkrag, 'n onuitputlike energiebron vir die stryd om voortbestaan kan voorsien nie.

FREDA PLEKKER:

RITUEEL

Duisendsnarig
spin sy span sy speel sy
haar trilbord
oor òu spore

haar gebuikte heupe lok
die taskaak van die Kennis
en saggies streef hy die spinnekophare
tot die dood met die lewe paar

uit haar gebuikte heupe blom
wit sirkels wat die kringloop verder dra:
tussen trilbordsnare en koringare
bleik sy skelet nota bene exempli gratia

en die Swart Weduwee die Dink
hou piëties aan met rou
wyl sy ons streng
aan die ritueel van dodewake hou.

KOSMOS EN KIND

Die aand was 'n korrel Alfonso Laval
die maan 'n Fabergé eier
tussen drosters eendstertwolke
bo die maannat negatiewe van dakke
en die honger van veertien jare

die verlange 'n toring van Babel
wat 'n dowe iets wou wakkerskree
toe ek oor die drumpel
van die maanlig
uit my donker kamer tree

òm die plat klip by die voordeur
het druïdes kosmos veelkleurig saamgedrom:
ek weet nie
of dit vergissing was
van kind en maansiek blom:

ek weet net
dat nou, soos toe,
die kosmos die wêreld en ek
nog onder maanlig wag
vir iets wat uit die nag moet kom.

POLISEEM

Die aarde draai om sy as
vuur sterf in as
mens word as draai lewend
om die as van die dood

vraag en stelling
lê in as en begeerte
wentel om die as
van afstand

alles om en in my
beur
na die as
van as-dit-gebeur
en ek, geméns ge-as in alles om my heen
sterf onder die interdik van die poliseem.

TIENER

Soos 'n mot teen 'n plafon het jy gefladder
téén die rame van my oë
téén die mure van my woorde
téén die luike van my hart

toe die dagbreek die rooi hand die sipier van God
jou bevry het
tot ballingskap en swerwe
op die oopveld van die denke

soos 'n kind sy makkers verlaat:
skielik:
het jy oor die grens tussen huis en
veld gesteek:

in die luike van my hart
was iets soos glas wat breek.

NAGFOTO

Die hangkas
spieëlkas
laaikas
bed
en marmerbladwastafel
staan

soos herkouende beeste
die stiltes vol
in donker kamers

'n verslete maan 'n ou trouring
tussen yl bokbaardjiewolkies
en die wêreld
die wit eensaamheid van 'n been
in God se agterplaas.

EDWIN DE KOCK

MIDDELPUNT

Die uurglasbrein waardeur 'n wêreld tuimel,
is die gryse pynpunt, ervaringsgorrel, ek.
Luister
en sag-sugtend ruis die korrels sang
dae tot stof terug.
Die huise bars en val,
murasies ou herinnering
vol kinders, spinnerak en huilende wind.
Gister se goue vlegsels ledemate
kolk oud en smartlik uitmekaar.
Lente en luister, of amper so iets, die borrel verby.
En onbelangriker
stort langzaam, melkweg-gloeiend en oneindig
sterresand
na 'n benededuisternis se tregtersuig
en sluk.

Anet het hom dadelik gesien, ondanks die bles en bril op twee wiele wat haar juis toe amper raakgery het. Sy het padda-spring die sypaadjie bereik en gaan staan. Die halwe man het gemaklik nader geloop met sy een been, swaaiende arm aan dieselfde kant, halwe uitdrukking: sikloop, eenneusgatig, omgevalle V-mond. Links, van kuif tot beenmik, was hy die ene netjies deurgesnyde granaat soos sy vleispitjies sit.

Hy het groot geword in sy naderneig, maar die oop en toe knipmes-knipmes van sy lede was 'n proses van wil verbystap. Toe hol sy deur die mensswerm, gedagtebrommers wat gons in die kop van die stad, en sy was meteens 'n sesjarige, vlegseldraende gedagtekreet, uitasem-kleinmeisie-eureka wat taswaai tot by die breukmens met die een broekspyp.

Daarom het hy netjies gaan staan en met sy inkleur oog aan haar gevat en skaapgeduldig half gegrinnik soos valstande in 'n oggendglas. Maar Anet kon voel hy is oorlosie-haastig en grootmensstomp op pad, en 'n dogtertjie is net vir haarself nie 'n oorlas nie.

"Asseblief, Omie, kom saam na Juffrou toe. Sy sê net 'n i-di-oot wat nie somme kan doen nie, dink daar's halwe mense. Sy 't voor almal vir my gelag. Sy sê: 'Bring my daardie halwe mens dat ek kan sien!' Al die ander kinders het gelag. Toe, asseblief, Omie!"

Hy was 'n aarseling. Sy het dogtertjie-impulsief die lou hand gegryp en sou sy breuklyf laat saamdraf. Maar hy wou, sy kon nie.

Vreemdeling-verleë, maar vieserig, het hy met duimskarnier hom uit haar vyf-vingertjie-greep losgefrommel, effens weggedraai, sodat Anet sy plat kant mooi kon sien, en gestap-stap. Afwisselend was dit voet-kaplaks en het hy beenhoogte deur die lug gesweef. Sy het saamgetrippel, presies ses slordige treetjies, maar die weifeling en kleinmensieverdriet het haar gang afgeknak.

Toe staan sy alleen op die sementpaadjieblok sy haastige hakskeen, boud, blad en halfmaanagterkop en nahuil tot hy klein in haar nat oog krimp en wegsweem.

ROUZA

'N DROOM OOR SEWE KATTE

Wie het sy kombers kom neerlê in
my park onder die afdak
want dit is vol as en oliekolle.
Verdra my maar daar is hongersnood in my land
en ek het my hande gewas in die onskuld van my jare
wees ook nie bedroef nie ek het die bloed aan
'n paal opgehang
die lammervangers en kuikenduiwe weggejaag
die binnegoed op 'n ashoop gegooi.
Ook my bene sal dalk te kort wees
want 'n fossiel het daaraan kom foeter
as die dag koel sal ek die
swart haan en die goue kandelare
aan die brand steek.
'n jaaroud-katjie sal tussen my borste slaap
vuurvliegies op die horing van 'n renoster
is my melkweg en die al
die dag na oormore sal ek lag
my tande een na die ander uitspoeg en sê
iemand het paddas en sprinkane oor my
doringheining kom gooi.
Dan sal ek die vet aan my vingers
teen my heupe afsmeer.

BIDDAG VIR DROOGTE

Trek jou slap hande en verlamde knieë nou op
en offer die dooie vrug van jou lippe
'n Pepsi kos net 5 sent.
Jou portret is vol oë wat wegkyk
binne buite en bo-op. Dorings en distels
hang op die draad en ek lê op 'n
spykerbed en probeer om genoeg velle
vir tien tikmasjiene op my bors
te voer. My koplussing is nat van sweetreën
jy het my heuning te vinnig geëet
sodat dit jou sooi-brand gegee het en jy
gedink het dat dit sleg was.

My bene is vol sentiment en ek probeer
hoogmoedig om die lendene van my binneste tortelduifie
te omgord die stukke waarin jy my gesaag het
weer op te tel en saam te flans,
op kolekrukke vuurfakkels van drie eeue gelede.

Baie riviere se stemme skreeu in my ore
ek lig my kop op en luister verbaas daarna
twaalf nee dertien jaar se droogtes
donder weg en sleur die vrug
van die bo-laag na die see.

DIE TWAALFDE AMETIS

'n Baba is gebore in Stille Senekal
maar moeg van lede brein bloed
het ek hom styf in die laai van my desk toegesluit
sy kinderlewe is stadigies saggies
maar doodseker sonder gemengde gevoelens
deur middel van twee slanke duime
elk aan die anderkant van
'n staalvuis uit hom uitgedruk
(van pure liefde)
Die gemeente het gekom
aan die begin was dit met die woord
maar later het hulle met
offerandes van bloedrooi alwyne
sy kort lewe vergal.
(Maar aan die anderkant — wat
het sy ouderdom
met die prys van eiers te doen)

Drie tweegesig duimgooiers het in
Betlehem gevra: Hoe ver is dit nog
na Senekal en in watter rigting?
Volg die morester menere 43 myle reg wes.

Hulle het nederig in my kamer kom kniel
en agter die masker van wierook en mirre
kon ek drie blik skêre sien
toe het hulle die baba vriendelik-glimlaggend
uit die laai gerientrek
die sagte lewe binne-in uitgesny
en my met die stofomslag
in Senekal gelos.

NUWEJAARSVORNEMENS

Hand aan hand wandel die ure verby
slegs eenmaal elke sewe dae
word 'n duisend blinde kykers vasgeplak
drie blou beaarde wysvingers krap daarbo.
Het jy gesien?
Die kamele wys 'n kefferbrak
hoe om neer te kniel.

Vuilgoed in my boggel
sal, more gewas en gestryk word
mooi geplooi en gevou.
Maar nou eerste van alles gaan ek
en elke voetganger bloedhond speel
met die oë op die binnehof gedraai
ons sal ons voete reinig
ons sal in donkiemelk bad
ons sal ons hoofbedeksels afhaal
en ons gesigte versluier
om nederig voor die tent te buig.
Maar kyk die wonderwerk
gister en eergister se tent is weg
en hierdie skoenslapper is van
pragtige weefstof gemaak.
Dit is goed so
lank sal hy lewe in sy gloria.

SWANESANG

“Das Meer erglänzte weit und breit
im letzten Abendscheine.
Wir sassen am einsamen Fischerhaus —
wir sassen stumm und alleine.
Der Nebel stieg, das Wasser schwoll,
die Möwe flog hin und wieder.
Aus deinen Augen liebevoll
fielen die Tränen nieder.”

Schubert se onsterflike lied lê voor Signora Cantari op die klavier terwyl sy haar na Robert wend. “Ek het hierdie stuk vir jou uitgesoek vir die kunsfees. My man het dit altyd pragtig gesing. Dis een van Schubert se mooiste Lieder.”

Die eerste maal sing Robert dit haak-haak deur, sy stem huiwerig en 'n bietjie dun, maar met die tweede poging voel hy alhoemeer seker van homself — sy stem swel diep en rond om die swewende note en word met voeling gelaai soos die betekenis van die woorde en harmonië tot sy bewussyn deurdring.

Signora raak in vervoering en trane glinster in haar donker, hartstogtelike Italiaanse oë. Sy spring op van die klavierstoeltjie en omhels hom: “Ek het geweet dis die regte stuk vir jou — ons moet daaraan werk, werk, . . . poleer en afrond. My man het dit altyd so mooi gesing. Hy was 'n wonderlike kunstenaar. Ongelukkig het hy niks van sangonderwys geweet nie.”

Nadat sy haar beheers het, het hulle uitgestap op die sonnige voorstoep waar Robert se moeder met die huishoudster sit en gesels het. Dit was maar eers sy sesde les en die eerste by Signora se woning op 'n landgoed naby die Hartebeespoortdam. Die vorige week het sy hom gevra of hy nie miskien soheentoe kan kom nie, aangesien haar program in die week so vol was, “en bring jou moeder saam om na jou te luister as sy wil,” het sy so terloops bygevoeg. Robert het geweet dat daar juis in hierdie woorde bybedoeling opgesluit was, maar sy moeder wou hom al lankal met 'n goeie begeleiding hoor sing en hy het haar maar saamgeneem.

Hulle vier besigtig nou saam die landgoed. Daar is 'n pragtige woonhuis met 'n saal van 'n sitkamer tot oorlopens toe belaa

met waardevolle (en nie-so-waardevolle) antieke meubels. Die periodes is deurmekaargeskommel en met weinig smaak gerangskik — egte antieke stukke tussen swak namaaksels van barok en Lodewyk XIV-stoele. Wat dadelik opgeval het was die algehele afwesigheid van enige boeke in die hele plek, met uitsondering van enkele riller-romans in goedkoop uitgawes.

Langs die huis is 'n aparte woonstel, fyn uitgevat met smaakvolle moderne meubels, 'n eie badkamer en 'n kombuisafskortinkie. Robert merk dat sy moeder veral in die woonstel belangstel en opletend hier en daar aan iets raak of noukeurig bekyk; maar hy sê niks.

Hy is plaaslike verteenwoordiger van 'n firma wat tikmasjienbande vervaardig, en terwyl hy in sy motor van plek tot plek ry, weergalm sy stem terwyl hy 'n groot repertoire klassieke en populêre wysies sing. Dit was weereens by so 'n geleentheid dat hy skielik die ingewing kry dat hy 'n mooi stem het en dat dit miskien die moeite werd sou wees om sangopleiding te ontvang.

Hy is naby die poskantoor op Kerkplein. Hy bring sy motor tot stilstand, klim uit, hardloop na die eerste telefoonhokkie en slaan die geklassifiseerde deel van die Pretoria-gids by "Musiek-onderwysers" oop.

"Signora Estrelita Cantari — sang — Milaan, Parys, Rome," is die naam wat hom om sy Italiaanse klank tref. Haar ateljee is net 'n paar blokke verwyder en hy besluit sommer dadelik om soheentoe te stap.

By die deur huiwer hy 'n oomblik voor hy die klokkie lui en wonder of hy nie miskien sy oorhaastige besluit sal berou nie. Die klavier rinkel die begeleiding van "La Donna e Mobile" en 'n krakerige tenoor sukkel wanhopig met die hoë note. Die wanklanke hou skielik op en hy gaan binne.

'n Klein vroujie met pikswart hare, pikswart oë en 'n donker gelaatskleur wat voor die klavier gesit het, draai om:

"Ja?" sê sy.

"Ek kom navraag doen oor sanglesse."

"O, seker nóg 'n tenoor?" is die sarkastiese antwoord.

"Nee, ek dink nie so nie."

"O so, wat dink jy dan?"

"Ek dink ek is 'n bas-bariton, Signora."

Haar uitdrukking verander geleidelik en vir 'n volle minuut kyk sy belangstellend na die skugter, tenger seun wat voor haar staan en besig is om sy hoedjie met senuwee-agtige vingers te martel. Skielik sê sy op 'n heel ander toon: "O, ek wens dis waar! Kom ons luister — Jan, jy kan maar loop," snou sy die

ongelukkige tenor toe wat reeds besig is om sy boeke in te pak en nou haastig die aftog blaas.

Sy gaan weer voor die klavier sit en begin die toonleer by middel C speel. Robert sing die eerste twee note sekuur, by die derde slaan hy oor na falsetto en by G kraak sy stem. Sy draai om, kyk hom 'n paar oomblikk verbaas aan, snuif soos 'n ongeduldige perd, en begin weer by middel C. Hierdie keer speel sy die toonleer stadig af na onder toe. Robert begin huiwerig. Hy kan nie konsentreer nie. Hy wonder of sy goed kan wees, hierdie snaakse kreatuurtjie voor hom. Sy lyk nie asof sy self 'n dooie noot kan sing nie, en in elk geval nie na die beeld van 'n "grande dame" wat die woorde "Milaan, Parys, Rome" in sy verbeelding opgeroep het nie. Hy ruk hom reg. Toe hulle by lae C kom is sy stem weer vol en rond en sy lei hom laer af tot by F.

"Was ek reg?" vra hy huiwerig.

"Ja, ek dink so," antwoord sy terwyl sy hom ongelowend aanstaar.

"Ek dink ek sal iets van jou kan maak. Wanneer kan jy begin? Vrydag om halfses?"

Robert knik en verlaat verward die kamer. So, daar het hy dit nou gedoen. Hy was altyd baie lief vir musiek en wou konsertpianis word. Hierdie hoop is verydel toe hy van 'n perd afgeval en sy gewrig gebreek het. Hy het nooit ernstig aan sang as alternatief gedink nie. Dit het vir hom so 'n bietjie belaglik voorgekom, en soos die meeste gesonde Suid-Afrikaanse seuns, het hy sang ook ietwat verwyfd gevind. Miskien was hy oorhaastig, maar . . . nouja.

Na afloop van sy tweede sangles het een van Signora se slagoffers, soos sy tenore en soprane genoem het, nie opgedaag nie. Sy het niks van hulle gehou nie. Hulle wou net altyd opera-arias so hard as moontlik skree. Volgens haar was hulle oor die algemeen nòg musikaal, nòg intelligent. Buitendien was tenore maar net mans met vroulike stembande in hulle keel.

Die halfuur wat so losgekom het, het Signora benut om Robert uit te nooi om 'n koppie tee saam met haar te geniet. Sy het hom oor homself uitgevra, waar hy vandaan kom, waar hy bly, wat hy doen. Toe kom dit: "Ek het 'n pragtige woonstel op my plaas. Ons is twee vrouens alleen, my huishoudster en ek. Ons soek al lank na 'n ordentlike manlike loseerder. Dis pragtig rustig daar en mev. De Ridder kook uitstekend. Dink daaroor na. 'n Man met 'n belowende stem soos joune het rus en vrede nodig om hom vir sy musikale loopbaan voor te berei."

Robert het geskerm. Hy kon nie die firma se motor gebruik

om so ver uit die stad uit te bly nie. Hy het net onlangs in sy nuwe woonstel ingetrek; maar die Signora het al sy argumente van die hand gewys.

„Jy is onder geen verpligting teenoor jou woonstelagent nie — gee hom 'n maand kennis. En wat die vervoer betref . . . daar's busse en treine. Buitendien kan jy saam met my stad toe hy as dit nodig is.” Robert was nietemin nie oortuig nie.

Hy en sy moeder is op pad huis toe na die sangles op die plaas.

„Robert, Signora Cantari en mev. De Ridder is sulke gawe mense. Signora is ook so in haar skik met jou stem, maar sy sê jy is te bleek. 'n Man moet gesond wees vir 'n musikale loopbaan; dis so veeleisend. Sy hou ook so baie van jou. Dink jy nie jy behoort dar te gaan bly nie? Die twee ou dames kan ook nie so alleng op die plaas woon nie. Ek dink hulle sal goed vir jou sorg.”

Nadat hulle heelwat heen en weer gepraat het, het hy besluit om maar op die plaas te gaan bly en trek 'n maand later daar in.

Saans na werk het hulle in die museum van 'n sitkamer in die halfdonker gesit, al die lampe met rooi of geel gloeilampies. In hierdie spookagtige atmosfeer het die twee dames brandewyn met sodawater gedrink, Robert chianti. Na haar derde drankie het Signora gewoonlik haar hart uitgestort.

Sy is op die Italiaanse riviera naby Portofino gebore. Haar vader was een van die rykste inwoners en sy het in weelde groot geword. Sy is deur Franse, Duitse en Engelse goewernantes opgelei. Sy het alles gehad en tot op sewentienjarige leeftyd was sy die gelukkigste mens op dees aarde. Toe het hulle een oggend haar vader met 'n koeël deur sy kop en 'n pistool langs hom in die tuin gekry. Hy het al sy geld verspeel. Met die bietjie wat oor was, het sy na Parys gegaan om sang te bestudeer. Na tien jaar het sy klein rolletjies in die opera vertolk; eers in Parys, toe in Rome en uiteindelik in Milaan. Later het sy na Parys teruggekeer om haar studies af te rond by Raymond Girardeau, die beroemde bas-bariton liedersanger. Opera was tog vir haar te vulgêr. Toe Girardeau weens 'n longkwaal na Suid-Afrika moes verhuis, is sy met hom getroud en het hom natuurlik vergesel.

Hierdie storie het sy week na week herhaal, elke keer 'n bietjie anders, sodat dit later vir Robert duidelik geword het dat die hele Portofinogeskiedenis 'n versinsel was. Sy was nooit in haar lewe ryk gewees nie en dit was baie twyfelagtig of sy ooit 'n enkele solo in enige opera gesing het. Nogtans was hy oortuig dat sy 'n goeie onderwyseres was. Hiervan het sy almal

oortuig met wie sy in aanraking gekom het, nie deur dit self te sê nie, maar deur die sugtiel in die mond van andere te lê. Almal het geweet dat sy die enigste onderwyseres was wat iets van sang af geweet het, die enigste in die hele land wat nie 'n sjarlatan was nie. Die bewyse was volop. Alle studente wat haar verlaat het, het hulle stemme "verloor."

Metter tyd het Robert ook uitgevind dat hy nie die eerste leerling was wat by haar loseer het nie. Daar was talle voor hom — Deon, Carl, Barry en Reuben . . . Toe Robert wou weet wat van hulle geword het, het Signora afwykend en skouer-ophalend geantwoord dat hulle pragtige stemme gehad het, maar nie die verstand van 'n muis nie. Hulle was barbare, sonder hoop om ooit kunstenaars te word. Robert het dit baie eienaardig gevind dat hulle almal toevallig ook bas-baritons was, en dat almal, sonder uitsondering, volgens die Signora ondankbaar en eienaardig was. Ten spyte daarvan dat sy altyd voorbeelde van haar edel dade aangehaal het en dag na dag haar eerlikheid beklemtoon het, en die feit dat sy slegs vir die suiwer kuns lewe en materieële dinge vir haar waardeloos was, het Robert geleidelik haar bedoelings in twyfel begin trek. Dat sy haar man, as man, gehaat het, het ook skerp aan die lig gekom. Net sy stem — dáárop het sy verlief geraak en was nou nog daarop verlief. Hy was 'n kunstenaar, 'n liedersanger en bas-bariton sonder weerga.

'n Jaar of wat het Robert lekker op die plaas gebly, maar geleidelik het spannings ontwikkel, heeltemal onopvallend in die begin, maar tog iewers in die agtergrond duidelik voelbaar. Signora het aan 'n eienaardige obsessie gely, en alhoewel Robert dit nie toe al kon verstaan nie, het hy dit duidelik aangevoel wanneer sy tot vervelens toe oor haar man gepraat het.

"Ek kon hom nie verdra nie, dit was afskuwelik as hy my aangeraak het. Hy het allerhande walglike, verwyfde maniertjies gehad en het altyd veels te veel soetruikende parfuum gebruik. Na agttien maande het ek in my eie slaapkamer getrek. Maar hy was 'n kunstenaar. Niemand kon Schubert interpreteer soos hy nie. Hy was die beste sanger wat ek ooit gehoor het en hy het my altyd om raad gevra. Hy het nooit 'n stuk in die openbaar gesing voordat ek gesê het dat dit goed was nie. Self kon hy ongelukkig nie onderwys gee nie, en het my stem geruïneer. Ag, ek kon hom net nie meer verdra nie. Na nege jaar het ek hom verlaat. Sommer een oggend my goed gepak en geloop, en hy het *nooit weer gesing nie!*" het sy altyd aan die einde van hierdie morbiede geskiedenis triomfantelik uitgeroep.

Die Saterdagagaand voor die groot kunsfees het Signora diegenes van haar leerlinge wat sou deelneem na die plaas genooi vir 'n soort *generalprobe*. Vyfuur die middag is die braaivleisvure al opgesteek en nadat almal heerlik geëet en genoeg chianti gedrink het om aanvalle van verhoogsensuwees af te weer, het die geselskap na die sitkamersaal verhuis vir die aand se werklike verrigtinge. Hulle het op die antieke stoele, op die vloer en op tuinmeubels gesit, net waar 'n plekkie te vind was. Die boonste deel is as verhoog afgeskort en Signora het teen die oorkantste muur statig op 'n rusbank geleun. Die eerste slagoffers het aan die beurt gekom. Oor die algemeen het hulle pogings byval gevind.

Soms is hulle onderbreek deur die Signora se kritiese opmerkings: "Lig op jou sagte verhemelte! Gebruik jou middelrif! Wat makeer jou weer vanaand! Jy sing soos 'n pot!"

In die eerste helfte van die program het Robert net die basstem in die kwartet uit Rigoletto en in "Midnag" uit Martha gesing. Dan het die tyd vir sy eintlike debuut aangebreek. Hy stap na die klavier terwyl die swaar inleidingsakkoorde van "Am Meer" somber deur die kamer klink.

"Das Meer erglänzte weit und breit . . ." Sy hele wese is in die lied, en toe die laaste noot wegsterf, sug hy diep van verligting en stap deur 'n doodse stilte na die Signora om haar kritiek aan te hoor. Soos op die eerste dag toe hy dit gesing het, loop onbeheerste trane oor haar wange. Sy omhels hom impulsief en dwing hom in die sitplek langs haar, en terwyl sy onsamehangend babbel oor die wonderlike vertolking, streel sy sy hare terwyl die ander leerlinge nydig toekyk. Vir Robert was dit seker een van die onaangenaamste voorvalle van sy lewe.

Na hierdie aand was daar 'n merkbare verandering in die verhouding tussen Robert en die ander studente. Hulle het hom kil en afwysend gegroet wanneer hy by die ateljee aankom, en alhoemeer van hulle het weggebly of ekskusies gemaak wanneer hulle 'n duet of kwartet saam met hom moes oefen. Terselfdertyd het Signora hom nie met rus gelaat nie. Sy het alhoemeer sy vrye tyd opgeëis en hom behandel asof hy aan haar behoort het, "pens en pootjies". As hy wou uitgaan, het hewige rusies ontstaan en hy kon die hele situasie eenvoudig nie begryp nie. Wat ver wag sy dan van hóm, 'n seun van twee-en-twintig? Sy is dan self immers diep in die vyftig.

Eendag het hy haar prontuit gevra wat deesdae by die huis en in die ateljee aangaan.

"Wel, ek wou dit al lankal vir jou sê, Robert, maar ek was bang ek sou jou gevoelens kwes. Hulle is so verskriklik jaloers

op jou en versprei ondermekaar lelike gerugte — hulle dink jy is “snaaks” omdat jy eenaardige hoedjies dra. Ek is al raadop. Ek het slaaplose nagte. Ek weet nie wat om te doen nie. Miskien moet jy vir ’n rukkie maar net vir jou les ateljee toe kom, of selfs net op die plaas lesse ontvang. Miskien sal dit ook dinge ’n bietjie verlig as jy aan die operaseisoen deelneem. Ek weet jy stel nie in opera belang nie, maar dit sal jou ’n kans gee om ’n bietjie van die ander leerlinge af weg te kom, en as die opera verby is, is hulle ook seker oor hulle jaloesie heen.”

Hy het eers teengestribbel, maar tog later ingewillig. Min het hy geweet dat sy self die kwaadaardige gerugte oor hom aan die gang gesit het om haar obsessie en selfsugtige drange te bevredig, net soos sy dit teenoor hom oor haar man gedoen het, en waarskynlik ook oor Deon, Carl, Barry en Reuben . . .

In Traviata en Don Pasquale het hy net in die koor gesing, maar het nogtans alhoemeer belanggestel. Terwyl hy die gereelde samesang met die ander studente en die musikale aande gemis het, was hy verlig om meer van die huis af weg te kan wees. Later is hy genooi om ere-sekretaris van die operavereniging te word, en na vurige aanmoediging van die Signora het hy dit aanvaar.

Toe die Barbier van Sevilje op die planke gebring is, is die rol van Fiorello aan hom toegewys. Hy het hard daarvoor gewerk en Signora het die rolletjie onuitputlik saam met hom op die plaas ge-oefen. Sy was die aanmoediging self en hy het uiteindelik gevoel dat sy sanglesse die moeite werd was. Ses weke voor die openingsaand het sy aan die hand gedoen dat hy tydelik in die stad gaan loseer om meer tyd aan die rol te kan bestee, en hy het in ’n privaathotel gaan bly. Elke vrye minuut het hy aan Fiorello bestee en sy debuut was suksesvol al was die rolletjie klein. Toe die seisoen oor was, het die geselskap op die platteland gaan toer.

Robert het sy verlof aangevra en is saam op die toer.

Toe hulle drie weke later kort voor Kersfees terugkeer, het ’n brief van die Signora hom in sy hotelkamer ingewag.

“Beste Robert,

Die jaar gaan ten einde, en na diep oorweging het ek besluit dat ons ons vriendskap moet beëindig. Ek kan die jaloesie en gerugte nie meer uithou nie. En ook jou afskuwelike ondankbaarheid. Jy is nes al die ander. Opera, opera, opera! Na al wat ek vir jou gedoen het is jy tevrede om goedkoop rolle in amateur opera-opvoerings te sing. Boonop doen jy meer

vir die sjarlatan van 'n regisseur as wat jy ooit vir my gedoen het. Die ondankbaarheid! Buitendien kan ek jou nie meer in my huis duld nie. Jou sensuele blikke laat my onveilig voel. Jou gedrag maak my rasend. Jou kamer is alreeds verhuur aan 'n nuwe leerling, Pietro di Negri, 'n pragtige bas-bariton wat onlangs uit Italië ingetrek het.

Met beste wense vir jou musikale toekoms.

Estrelita Cantari."

Robert kyk verslae op, en soos dit sy gewoonte is, stap hy na die klavier om troos in die musiek te vind. "Am Meer" lê oop voor hom en hy begin dit sonder geesdrif te speel. Terwyl dié melankoliese note die kamer vul word alles vir hom duidelik. Dit was vir Signora nie genoeg dat haar man deur haar toedoen nooit weer gesing het nie. Nee, sy moes haar wraak lewendig hou totdat sy eendag sterf. Haar hele lewensdoel was nie om die suiwere sangkuns te bevorder soos sy voorgegee het nie, maar om bas-baritons stelselmatig op watter manier ook al te vernietig. Nou weet hy wat van Deon, Carl, Barry, Reuben en talle ander geword het . . . sy het sang vir hulle walglik gemaak.

Haar metodes was seker in elke geval anders, maar die resultaat dieselfde. Sy het geweet dat sy uitsluitelike ambisie was om ernstige sanger te word. Daarom het sy haar eie deug altyd so duidelik laat deurskemer terwyl sy hom vas daarvan oortuig het dat alle ander moderne sangonderwysers in die land net uit was om geld uit hulle leerlinge te maak, sonder om die vaagste benul van sang te hê. Nou het sy bewys dat sy ook so was. Hy was dus reg gewees. Die sogenaamde kunstenaars is almal dieselfde: kleinsielige, materialistiese mense wat net begaan is oor hulle eie selfsugtige belange. Sy teleurstelling in haar as mens walg hom tot in sy siel. Toe die laaste noot wegsterf, weet hy dat Schubert se swanesang ook syne as lieder-sanger is. Voor sy geestesoog sien hy klaar hoe sy op die plaas met traannat wange voor die klavier sit terwyl haar nuwe proefkonyn, Pietro di Negri, "Am Meer" sing:

"Ich sah sie fallen auf deine Hand
und bin auf's Knie gesunken.
Ich hab von deiner weissen Hand
die Tränen fortgetrunken.
Seit jener Stunde, verzehrt sich mein Leib,
die Seele stirbt vor sehnen —
mich hat das unglücksel'ge Weib
vergiftet mit ihren Tränen.

CHARLOTTE CILLIERS

SPIEËLBEELD

Jy gee my aan myself terug
maar hou tog iets van my —
Jy is ek,
maar is ek jy?

Alles wat ek is,
weet jy;
jy weet dit met 'n grinnik
maar ek . . .

 arme gek,
ek is jy en jy . . .
Is ek?

BESKAWING?

Ons was vier.
Hulle twee . . .
het gelag en gespot
en getier teen God
en Sy heilige dinge.
Ons, ek en sy,
het Hom lief.
Oor en weer, heen en weer
het ons oë saam gesmeek:
asseblief, asseblief!
Asseblief moenie laster
en nie lag
o nie lag . . .

Ons was vier.
Hulle twee
het gelag en gespot
en ons . . .
het die pyn gevoel.

JA, DIT IS

Hy't gekyk
en in sy oë
was pyn —
die smart wat ek
met hande van 'n gek
met katderm en naald
gemaak van woorde wat wou sny
sonder trane
in kon ryg.
Totdat die naald van tong
het vasgesteek
en nie wou verder breek
aan die muur van suiwer liefde
wat onsigbaar was
vir my.

HULLE NOEM MY TRONKVOËL

My siel is 'n sel
stil, koue sement
'n eensame hel
wat weerklink
en weerklink —
en net ek en myself
wat hoor.
Leeg en vuil
smet en hol
is die sel van vol
en ek
bly oor.
Net ek om te hoor
en te sien
en te weet . . .
die sel is 'n
siel.

EK, VAN HIERBINNE

Wit roos en klipmure
palmboom en binneplaas,
soveel ure, soveel ure
watter dag is dit vandag?
Nege jaar, het hy gesê
hy't gelieg,
dis nege eeue.
En ek,
ek wat wou lewe
ek se hande is nou leeg,
En die sakke?
daar is niks,
net die groen-en-kakieklere
en die dofbruin rondschoenpunte.

En daarbuite?
skyn die son 'n witter wit
is graskolle groener groen?
Daar is nie so baie leiklip
of tuine
of gruisklip
alles in tweedegraad.

TOESLUITTYD

Vanaand
sal ek weer skree
die deur gaan toe,
sy sluit en toets
en toets en toets . . .
Die gang sal swyg
en ek sal skree
skree sonder eggo
sonder klank,
net skree en gil
en sterf en gil
vergaan
verdor
verdroom en bloei
want ek is dood
lankal gekis
ek rou nog net
oor ek wat
buite is
myself buitekant
vergeet het.

GEBED IN DIE NAG

O God
ek smeeek by U
my sinne, Heer
laat my behou
my ewewig,
my sinbalans
want ek is
bang.

Kan dit gebeur?
dat mens of gees
in skerwe spat,
stuk-stuk verloor . . .
(my gees wil breek)
My Meester, hou
my heel
en glad
en ongeskend
want ek wil bly
dit wat ek is,
wéét wat ek is —
weet dat ek weet . . .
weet ek is
mens
bo alles mens
met siel en gees,
veral met gees
wat sonder kraak
of hol luggate
is.

BUSMENSE

Met stom gesigte
sit hulle.
Oë sienloos kykend,
asof gevleuelde gedagtes bly
ontvluggend, steeds ontwykend.
Gelate soos van dooies,
siele soos van lyke —
die mense in die wielekrat
wat hulle dag-uit neem.

TERUG IN SUID-AFRIKA. II.

Die Nasionalis is veronderstel om die beleid van gebiedskeiding te onderskryf. 'n Groot apartheidsteoretikus het al jare gelede, en sedertdien by verskeie geleentheid gesê dat gebiedskeiding die enigste moontlikheid aan die blanke bied om sy erfenis vir homself te behou. En om te oordeel na sy toesprake het hy nie die "gebiedskeiding" van vandag in gedagte gehad nie — die gebiedskeiding waarvolgens miljoene bantoes in alle ewigheid in die blanke gebied sal bly om die ongeskoolde werk te doen. Hy het spesifiek gesê dat Suid-Afrika immigrante moet kry van die soort wat Amerika opgebou het — dit wil sê, handarbeiders — want enige volk sal altyd 'n groep mense hê wat slegs tot sekere soorte werk in staat is. Indien hulle nie toegelaat word om dié werk te doen nie, sal hulle óf vergaan, óf 'n las op die samelewing word.

Kan dit duideliker gestel word? Dit beteken seker dat die blanke Suid-Afrikaner wat nie kan leer nie, ongeskoolde werk moet doen. Maar hoe sal dit moontlik wees wanneer daar altyd miljoene bantoes in die blanke gebied oorbly? Is die beleid van afsonderlike ontwikkeling ooit werklik ernstig opgeneem? Of is dit nou verwerp? Dit wil so voorkom.

Vandat ek na Suid-Afrika teruggekom het, het ek nog niemand ontmoet wat gebiedskeiding heelhartig voorstaan nie. Selfs hoë regeringsamptenare en senior manne in die staatsdiens skep dikwels die indruk dat hulle nie daaraan glo nie. In Engeland het ek gereeld nuusbriewe van die destydse Departement Inligting ontvang. In een van die briewe is 'n amptenaar aangehaal wat gesê het dat indien die maatreëls wat bantoes na hul eie gebiede moet teruglok, te geslaag blyk te wees, nuwe maatreëls dalk getref sal moet word om hulle in die blanke gebied te hou!

Ek het altyd gehoop dat hierdie soort houding net by die ouer politici aangetref sou word, die mense wat nou moeg gestry is in hul poginge om Suid-Afrika minstens so ver te kry as wat hy nou is. Maar die jong mense dink blykbaar presies eenders.

In 'n onlangs verskene pamflet word die menings van 'n paar jong Suid-Afrikaners — studente, die toekomstige leiers van ons volk — oor die rassevraagstuk weergegee. Dit is deur

minstens een nasionale koerant met basuingeskal begroet: "Die jong mense dink!" is met blydschap uitgeroep. Maar die pamflet was maar net weer 'n sameflansing van materiaal wat uit die leesstof van die Departement Inligting verkry is, en wat weer die ou deuntjie aangehef het: "Ons begryp natuurlik dat algehele gebiedskeiding net 'n ideaal kan wees . . ."

Dit lyk dikwels asof elke nasionalis, van die welsprekende politikus tot die nederigste ambagsman, hoop dat ons rassevraagstuk "opgelos" sal word deurdat 'n sterk segregasionis president van die Verenigde State van Amerika word en dat hy in alle ewigheid deur ewe sterk segregasioniste opgevolg sal word; en dat die bolsjewiste in verskeie dele van die wêreld mekaar sal opkeil, sodat Suid-Afrika kan voortgaan soos hy altyd gemaak het.

Is daar niemand wat glo dat ons enigste redding in algehele gebiedskeiding lê nie? Ons sê dat ons ons eie aard wil behou, maar is dit ons erns? Hoe kan 'n volk behoue bly as hy niks wil doen om sy toekoms te verseker nie? 'n Vlaamse skrywer het tereg gesê:

Is ook de nationale eigenwaan, die zichzelf hooger rekent dan alle andere volken, maar alle krachtingspanning tot behoud van eigen onafhanklikheid schuwt, geen typisch kenmerk van degeneratie?

Die groot gevaar van saamwoon met 'n minder ontwikkelde volk is juis dat dit morele en fisiese agteruitgang in die hand werk. Wat die Suid-Afrikaanse blankes betref, het buurskap met en baasskap oor die nie-blankes reeds 'n paar lelike karaktertrekke by sommige van die minderontwikkelde laat ontwikkel.

Maar dit help nie om mense te vermaan dat hulle hofliker teenoor ander moet wees nie. Die mens is maar soos hy is, en dit is blykbaar 'n onveranderlike wet van die natuur dat wanneer een man die geleentheid kry om iemand anders af te knou, hy dit sal doen. En indien die nie-blankes volle gelykstelling in die blankes se gebied kry, sal allerlei ander moeilikhede daardeur ontstaan. Hulle moet dit dus in hulle eie gebied kry, weg van die witman af, anders sal hulle altyd die slagoffer wees van die swakker tipe blanke wat deur een onbesonne daad die uitwerking van 100 goeie daede van die regering kan neutraliseer.

Dit is egter veral vir die Afrikanervolk belangrik dat hy die geleentheid om 'n swakker en minder ontwikkelde ras te domineer, ontnem word. Hoewel ek — as mens — 'n nie-blanke jammer kry wanneer hy deur 'n blanke onregverdig behandel word, is dit die *blanke* wat ek — as blanke —

werklik jammer kry: omdat hy homself, sy volk en sy tradisies verneder en verlaag deur sy optrede.

Hierdie hele vraagstuk word baie treffend ontleed deur Tolstoi in sy roman "Oorlog en Vrede". Prins André gesels met sy vriend, Pierre, oor die voor- en nadele van die vrystelling van lyfeienes. Pierre, 'n idealistiese, goeie mens wat 'n gevoel van medelye met die lyfeienes het, wil hulle slegs omrede sy gevoel van medelye vrygestel sien. Prins André antwoord hom:

Nou ja, jy wil ons lyfeienes vrystel. Dit is baie goed, maar nie vir jou nie (ek glo nie dat jy jou lyfeienes ooit gepiets, of na Siberië gestuur het nie), en nog minder vir die lyfeienes. Buitendien, as hulle geslaan, of gepiets, of na Siberië gestuur word, is hulle myns insiens nie juis slegter daaraan toe nie. In Siberië kan hulle hulle ou bekende leefwyse voorsit; die wonde aan hulle lyf genees en hulle is net so gelukkig soos vroeër. Nee: die vrystelling van die lyfeienes is nodig vir diegene wat agteruit gaan op morele gebied, wat hulle dade berou maar hierdie berou onderdruk; wat grof word omdat hulle die reg het om oor goed en kwaad te oordeel. *Dit* is wat my grief, en waarom ek die lyfeienes vrygestel wil hê. Jy het miskien nie gesien nie, maar ek het wel gesien hoe goeie mense, grootgemaak in die tradisie van onbepaalde mag, met die verloop van jare — wanneer hulle humeur korter raak — wreed word, grof: hulle weet dit, maar kan hulleself nie in toom hou nie en word al hoe ongelukkiger. *Dit* is waarom ek treur: oor die waardigheid van die mens, oor sy gewetensrus, sy reinheid — en nie oor die lyfeiene se rug en voorkop nie . . .

Dit is kras gestel, en die blankes van Suid-Afrika kan nie nou goedsmoeds beweer dat die welsyn van die nie-blanke hulle nie aangaan nie. Maar dit is in eerste instansie die *blanke* wat gered moet word, gered van die ondraaglike posisie van voogdskap waarin die geskiedenis hom geplaas het. In ons verligte 20e eeu, wanneer almal so behep is met die ellende van vreemde volke, is dit tog belangrik om te onthou dat die hemp nader is as die rok — of om dit anders te stel: eers eie, dan andermans kinders.

Daar is ook die kwessie van fisiese agteruitgang. Daar hoef seker nie veel oor die vraagstuk gesê te word nie, want dit is vanselfsprekend dat as mens jou nooit fisies inspan nie, jy liggaamlik sal verswak. En die lelike waarheid is dat ons ons nie fisies inspan nie: ons laat die handarbeid aan die nie-blanke oor. Sport kan help om die ergste gevolge van hierdie

fisiese luiheid af te wend, maar dit is tog 'n baie powere vervangmiddel vir harde, skeppende hande-arbeid.

'n Derde aspek van die saak is dat die blankebevolking nooit vinnig sal aanwas solank daar 'n groot aantal nie-blankes in sy midde is nie, onder meer, omdat 'n groot blankebevolking nie nodig sal wees nie. Trouens, dit sal vir die groot geldmagnate eerder 'n hindernis wees, want solank daar baie nie-blankes beskikbaar is, kan hulle voortgaan om kleiner lone te betaal, iets wat die harte van die meerderheid geldmagnate altyd vinniger laat klop.

Die ou angskreet dat die ekonomie van die land sonder swart arbeid in duie sal stort, is onaanvaarbaar: die probleem van 'n tekort aan arbeid kan opgelos word indien ons dit werklik wil oplos. 'n Hoër geboortesyfer, immigrasie, outomatisasie en 'n arbeidsdiens vir jong mans (en meisies ook, indien nodig) sal wondere verrig.

Maar selfs indien ons lewenstandaard 'n bietjie moet ly — dan moet dit ly. (Dat dit in duie sal stort is, soos reeds gesê, net rykmanspropaganda, want hulle wil groot winste uit goedkooparbeid behaal). Dit is seker verkieslik om as effens armer mense ons erfenis te behou as om vet, ryk en bedorwe alles plotseling te verloor, ons Republiek deur hebsugtige buitestanders vernietig te sien en as vlugteling in 'n onvriendelike en onherbergsame wêreld ons laaste dae te slyt.

'n "Verligte" propagandis het 'n boekie geskryf waarin hy ons meedeel dat die "trek verby is". In die letterlike sin van die woord "trek" het hy gelyk: daar is geen nuwe grondgebied waarheen ons kan gaan nie. Maar vir 'n geestelike trek, weg van 'n kortsigtige gemaksgoed en ydele jag na "plesier" af, lê daar nog onmeetbare ruimtes voor ons oop.

Wanneer mens in terme van totale gebiedskeiding praat, raak almal vreeslik benoud en antwoord hulle jou dat jy onprakties is, dat jy die maan wil hê, dat dit nie gedoen kan word nie, ensovoorts.

Die antwoord daarop is dat mens nooit weet wat gedoen kan word voordat jy probeer het nie. Dit is wel waar dat mens selde alles bereik wat jy jou ten doel gestel het. As jy dus nie baie hoog mik nie, gaan jy nog veel minder bereik. Daarom word ek altyd met 'n gevoel van wanhoop vervul wanneer ek hoor dat dit die doel van ons regering moet wees om slegs 'n "sekere mate" van skeiding tussen die rasse na te streef.

Indien ons slegs 'n sekere mate van skeiding nastreef, gaan ons beslis bloedmin bereik.

Ons moet na die sterre mik — dan sal ons miskien iets tasbaars tot stand bring. Dit moet ons doel wees om op elke

gebied ten volle onafhanklik te wees. (Daarom moet mens wantrouig teenoor die idee van grensnywerhede staan — al is die argumente ten gunste daarvan hoe goed — want dit is basies maar weer 'n toegewing aan dié elemente wat goedkoop arbeid vir hulle fabriek wil hê.

Ons hink op twee gedagtes: ons wil vry wees, maar ons wil nie dié stappe doen wat ons vry sal maak nie.

Die Oostenrykse prins Eugène van Savoje het een keer aan die jong prins Frederick, later koning van Pruise, gesê:

Jy moet altyd hoog mik wanneer jy planne beraam. Die planne moet altyd so omvangryk moontlik wees, want jy kan hulle tog nooit heeltemal uitvoer nie.

Kan ons nie ons visier 'n bietjie hoër stel nie?

Ek was slegs 'n paar maande in Suid-Afrika, toe maak ek kennis met 'n dame wat groot waarde aan "kultuur" heg. Sy ken vyf of ses tale, lees baie en het ook gereis. Een aand vertel sy my hoe immigrantevriende van haar wat al jare in Suid-Afrika gewoon het, woedend word wanneer hulle lees hoe die Engelse pers Suid-Afrika (dit wil sê die Afrikaner) deur die modder sleep.

"Waarom lees hulle dan dié koerante?" vra ek.

"Hulle kan nie Afrikaans verstaan nie," antwoord sy.

"Waarom kon hulle dit nie in al die jare leer nie?" vra ek.

"Ag, hoe kan mens dit van hulle verwag," sê sy. "Afrikaans is dan so 'n onbenullige taal."

Hierdie sieklike houding is tekenend vir baie Afrikaners, ryk en arm, geleerd en ongeleerd, teenoor hulle taal en, by implikasie, teenoor alles wat Afrikaans is. Wanneer so baie mense so 'n houding teenoor die eie inneem, kan daar enige toekoms op hulle wag, behalwe die toekoms van die graf?

Daar is geen rede waarom Afrikaners so oor-beskeie en apologeties moet wees nie.

Op militêre gebied het hulle wel hulle verraaiers en dwars-trekkers opgelewer, maar die gesonde kern het tog by verskillende geleenthede merkwaardig presteer.

Op kultuurgebied is dit die Afrikaners wat die meeste skrywers en digters gelewer het en steeds lewer. Dit was Afrikaners wat die mooi ou huise in die Kaap gebou het. Dis hoofsaaklik Afrikaners wat in die Europese operahuise toegejuig word, dis meesal Afrikaners wat in die skilderkuns presteer.

Daar word baie in ons land van die Engelse kultuur gepraat. Maar wat het die Engelse van Suid-Afrika sêlf op dié gebied verrig?

Selfs op ekonomiese gebied, die terrein waarop die Engelse

so 'n oorheersende rol gespeel het, was dit nie in eerste instansie hulle bedoeling om Suid-Afrika se belange te bevorder nie.

Die ondernemings wat in die ware sin van die woord Suid-Afrikaans is, is die gevolg van die Afrikanerstrewe.

Buitendien is die Afrikaner se grootste enkele bydrae tot Suid-Afrika die blote feit dat hy hom met die vasteland van Afrika vereenselwig het, 250 jaar voordat enigiemand van die woord "African" — wat sekere elemente vandag so graag besig wanneer hulle die Afrikaner wil laat voel dat hy in sy eie land 'n indringer is — gehoor het. Was dit nie dat ons Nederlandse, Duitse en Franse voorouers hulle as Afrikaners beskou het nie, sou Suid-Afrika al lankal die weg van Indonesië, Kenia, die Kongo en ander sulke gebiede opgegaan het.

Waarom is die Afrikaners dan so betower deur alles wat Engels is? Waarom kan hulle die saak nie in die regte perspektief sien nie?

Die Suid-Afrikaanse Engelse is beslis nie soos die Titane van oudsher nie, en selfs die Engelse van Engeland is maar gewone mense soos ander. Dat hulle nooit sedert die dae van Willem die Veroweraar deur 'n vreemde moontheid onderwerp is nie, is eerder aan hulle gunstige geografiese ligging te danke as aan hulle militêre vernuf. Op kulturele gebied was hulle nie die toonaangewende volk van Europa nie. Hulle het wel hulle bydrae tot die Europese beskawing gelewer, maar as mens enige Europeër vandag nog vra waarmee hy die Britte in eerste instansie assosieer, sal hy sonder twyfel antwoord: met die handel. Engeland was altyd, soos Napoleon dit gestel het, die kramersvolk by uitstek. Dit was Frankryk, Italië en veral Duitsland wat die kultuurleiers van Europa was.

Daar is heelwat dinge wat die Engelse ons kan leer: om alles wat Engels is sonder meer te verwerp, sou dwaas wees. Maar die slaafse mentaliteit wat ons altyd voor hulle openbaar, is sieklik.

Terloops, dit dwing nie hulle liefde vir ons af nie, nog minder hulle respek. Intendeel, hulle verag ons daarvoor.

Die Afrikaners moet as groep gesond bly — of weer gesond gemaak word, waar geestelike, morele en fisiese siekteverskynsels reeds ingetree het. Indien *hulle* reg is, maak dit nie veelsaak wat die oorblywende blanke groepe dink nie. Dit sal natuurlik nog beter wees indien die ander blanke groepe by die Afrikaners ingeskakel kan word: maar hulle moet nie dink dat hulle die Afrikaners daardeur 'n guns bewys nie. Indien die Afrikaners val, val hulle saam. En ek is taamlik seker daarvan dat hulle dit goed besef.

Die Afrikaners moet die leiding gee, en hulle moet ophou

om daaroor skaam te voel. In elke kritieke stadium van ons land se geskiedenis in die afgelope 150 jaar was dit die Afrikaners wat vasgeskop het en die regte rigting ingeslaan het. Vandag is dit weer die geval. Die regerings van die westerse wêreld is almal met teorieë behep wat, tensy daar 'n einde aan gemaak word, tot die onvermydelike ondergang van die westerse wêreld en die blanke ras sal lei. Die Afrikaner-regering van Suid-Afrika het egter die insig en die moed gehad om teen hierdie stroom op te beur.

Was die Engelssprekende Suid-Afrikaner dankbaar? Hy, en elke Engelse gemeenskap in Afrika, het die nasionaliste van Suid-Afrika kras veroordeel.

Vandag het hulle tot ander insigte gekom. Goed. Ons kan hulle gebruik indien hulle nou bekeer is. Maar dan moet die samewerking op *ons* voorwaardes geskied, en moet hulle bereid wees om hulle tot *ons* regering te wend en sy beleid openlik te beken.

In 'n Afrikaanse koerant is daar eenkeer van 'n Durbanse sakeman vertel wat gevra is hoe hy en sy vriende oor landsake voel. Sy antwoord het gelui:

Die Eerste Minister is op die oomblik een van die ongewildste, hoewel mees misverstaande manne in die buiteland. Die Engelssprekendes van Natal meen dat dit beter is wanneer 'n Afrikaner, pleks van 'n Engelssprekende, Suid-Afrika se beleid verteenwoordig. Dit is sinloos om die Britte se wêreldsiening van regverdigheid in rassebetrekkinge te probeer belemmer. Laat die Premier maar liewer die stampe en stote kry. Die Engelssprekende kan altyd — en dikwels doen hy dit ook — aan sy familieleden in Engeland vertel dat die Suid-Afrikaanse Regering eintlik 'n Afrikaner-regering is wat nie werklik deur die Engelssprekendes in die land gesteun word nie.

Indien ek reg onthou, is daar in die betrokke blad voorgestel dat ons vir sulke mense begrip moet hê in hulle moeilike tyd van aanpassing.

Ek het egter geen begrip hoegenaamd vir sulke mense nie, en ek wil hulle ook nie ter wille wees nie — selfs ten behoeve van die Heilige Eenheid. Voorwaar, 'n wonderlike eenheid wanneer een van die vennote so 'n gesindheid koester.

Terloops, die toegeeflikheid van Afrikaners teenoor hierdie tipe opportuniste doen eienaardig aan wanneer mens daaraan dink hoe hulle dié Engelssprekendes wat hulle ware vriende is, behandel. Ek verwys na sekere groepe en individue wat feitlik sonder enige aanmoediging, amptelik of nie-amptelik, deur die jare heen bewys het dat hulle Suid-Afrika liefhet,

maar wat nie eers erkenning vir hulle werk kry nie. Trouens, hulle word met die grootste agterdog bejeën. Wanneer mens die behandeling van sulke mense vergelyk met dié wat persone soos bogemelde Durbanse sakeman gewoonlik te beurt val, dan vra jy jou af wat van die Afrikaner se sin vir waardes geword het. Maar dit daargelate.

Daar word dikwels aangevoer dat die Afrikaners hulle wortel voel. Soos dit in alle lande die geval was, het die trek na die stede 'n nadelige uitwerking op die mense uitgeoefen. Maar miskien is die Afrikaner in 'n nog groter mate deur die trek na die stede getref as die plattelanders van ander nasies. Die meeste blanke Suid-Afrikaners is ongelukkig op 'n betreklik klein gebied saamgetrek. Dié gebied is stedelik en buitendien onder die beheer van vreemde elemente. Daardeur word die Afrikaner se karakter van twee kante af beïnvloed: deur die ongesonde stadslewe as sulks, en deur 'n stadslewe wat boonop deur die eienskappe van vreemdelinge gekenmerk word. Die mense wat na die stede gestroom het, was verarm en wou geld verdien om liggaam en siel bymekaar te hou. Maar terwyl baie daarin geslaag het om in die behoeftes van die stoflike te voorsien, is die behoeftes van die gees verwaarloos. Die stedelike Afrikaner het blykbaar sy siel verloor.

Die Duitse skrywer, Hermann Sudermann, vertel in sy roman *Frau Sorge* 'n feesverhaal wat my dikwels aan die verhaal van die stedelike Afrikaner laat dink:

— Daar was eenkeer 'n moeder aan wie God 'n seun geskenk het. Sy was egter so arm en eensaam dat sy niemand gehad het wat vir die kind peetmoeder kon wees nie.

Een aand, toe dit skemer was, het 'n dame haar huis binnegestap. Sy het grys klere gedra en 'n grys doek om haar kop gehad. Sy sê: "Ek sal jou kind se peetmoeder wees, en ek sal daarvoor sorg dat hy 'n goeie mens word wat jou goed sal oppas. Maar jy moet my sy siel gee." Die moeder het bewend gevra: "Wie is jy?" "Ek is Vrou Verdriet", het die grys dame geantwoord.

En die moeder het geweene, maar omdat sy honger was, het sy haar seun se siel aan die dame gegee, en dié het die kind se peetmoeder geword. En die seun het groot geword en hard gewerk om brood te verdien. Maar omdat hy geen siel gehad het nie, het hy ook geen vreugde en geen jeug geken nie. Dikwels het hy met verwyt in sy oë na sy moeder gekyk, net asof hy wou vra: "Moeder, waar is my siel?" Die moeder het toe baie getreur en het uitgegaan om na 'n siel vir hom te soek. Sy het die sterre en die hemele gevra:

“Wil julle hom 'n siel skenk?” Maar hulle het geantwoord: “Hy is te nietig”. En sy het die blomme in die veld gevra. Maar hulle het geantwoord: “Hy is te lelik”. En sy het die voëls in die bome gevra. Hulle sê: “Hy is te treurig.” En sy het die hoë bome self gevra. Hulle sê: “Hy is te nederig.” En sy het die wyse slang gevra. Maar hulle het geantwoord: “Hy is te dom”. Toe gaan sy maar haar pad en ween.

En in die woud het sy 'n prinses ontmoet, met al haar hofliede saam. En toe die prinses sien hoe die moeder ween, het sy haar na haar kasteel saamgeneem, wat van goud en edelstene gebou was. En sy vra: “Waarom ween jy?” En die moeder het haar hart teenoor die prinses uitgestort en gesê dat sy vir haar seun geen siel kan kry nie. Toe sê die prinses: “Ek wil geen mens sien ween nie. Ek sal hom my siel gee. Maar ek doen dit nie sommer so nie; hy moet my daarom vra.”

Daarop het die moeder na haar seun gegaan, maar Vrou Verdriet het haar sluiert om sy kop gedraai sodat hy blind was en die prinses nie kon sien nie. En die moeder het gevra: “Liewe Vrou Verdriet, laat hom tog vry”. Maar die ou dame het geantwoord: “Hy moet homself bevry”. “Hoe kan hy dit doen?” vra die moeder. “Hy moet alles aan my opoffer wat hy liefhet,” het die ou dame geantwoord.

En die moeder het diep getreur, op haar rusplek gaan lê en gesterf. Maar die prinses wag tot vandag toe op haar vryer.

Wat moet die stedelike Afrikaner opoffer om sy siel terug te kry? Sy gerief, sy bietjie aansien, geld en eiendom?

Dikwels word gesê dat die goudmyne 'n groot seën vir die land is.

Daarsonder sou Suid-Afrika beslis baie armer wees, maar hy sou twee oorloë met die Britse Ryk bespaar gewees het, en daar sou nie vandag uit elke hoek van die wêreld begerige oë op hom gerig wees nie.

Dit sou waansinnig wees om Suid-Afrika se nywerheidsontwikkeling in trurat te wil plaas, maar dit sal 'n goeie dag vir die volk wees wanneer daar geen goud oorbly waarop hy kan staatmaak om al sy probleme vir hom “op te los” nie.

Word vervolg

KARINA VAN DER VYVER

ENEKE SKOSANA VAN DIE VELDE.

'n Lyfvol krale, hart speel bok-bok
en trompie onder 'n amper-rok,

borste huppel-huppel soos lammers vooruit
na twee kaalboudkinders en 'n spierwit bruid.

Wêreldjie klein, hemeltjie vol
Tabaan se ghitaar is 'n kalf en hol

hoog met 'n boog deur vreemde lande
weg is die mannetjie met sy wrede tande.

Laggend loer trots uit seeroog-bont
en woes spring geluk in die driebeen rond.

In haar enigste donker aan 'n klein stukkie plank
kleef 'n halwe kers wat huiwerig brand.

'n Lyfvol krale, hart speel bok-bok
en trompie onder 'n amper-rok.

BEGEERTE

Bloedig bars somer se laaste aria
uit die boesem-skraal pointsettia,

duisend vingers gedoop in vuur
onderstreep teen my binnemuur,

'n smekende hunkering vol handgekrui
om saam te stap met die skarlakenbruid

en songetooi hard te lag
oor eergister se dorre graf.

HERKOUTJIE

Ek herkou die pad
wat ons geloop het
en my mandjie's vol juwele.

Ek dwaal deur jou siel
wyd van veld en blomgelag
en dae winkend sonder skaduwees.

MELKTANDE

O, die soetgras, die soetgras, ou Tollie
hier moet ons twee maar bly;
ewig speel soos kinders, vriendjie
die kar's te swaar vir my.

Sien jy die hout-gesiggie, Tollie
en bergland gewink,
waarom beur hul so ou jongste,
koorsagtig teen die wind?

Kortstondig is die soetgras, Tollie
soos glorie en daeraad,
môre sal vier pyngestreepte oë ook
die westerkim bewaak.

DE PROFUNDUS

Toegerank lê ek onder alles
wat 'n mens moet koop:
'n sewepotige draak hierdie
en gedagtes staar
bleek vol verglaasde oë.

Die nag is 'n spieël:
oppervlaktes rimpel traag
en uit wurgende dieptes beur
slymerig 'n kop
met twee gesigte verwoed, verstrik
in 'n haangeveg.

Die dag is 'n leuen:
spitskop en moeras
skud hande.

OUMATJIE

Die rooi appel
hang tergend aan dag
se ander wang.
Deur die geur van koffie
breek blink geskuurde koper en oor alles
wapper 'n yswit voorskoot
soos duiwe met hul trugkoms
in formasie en roep my dwarrel-denke
tot stilstand.

NAGVLINDER

In die skoot van wye vlaktes
het ek jou gepluk,
saamgesleep oor vreemde rante en in
graniet kom druk.

Nou ween ek pal oor vlindervlerke
se liefde vir beton;
in my drome bloei die velde en krimp
die reeds verwelkte blom.

WENSBEENTJIE

Ek wens ek was weereens 'n kind
met oë van 'n vrou,
dan sou ek baie, baie modderhuisies
sonder vensters bou.

Ek wens ek kon 'n skone lappop
maak en daarna
haar opstop met 'n ysterhart
en in die wêreld ja.

MENSWEES

'n Knippie God,
'n gomer Beelial ———
die res is klei.

HENDRIK PRINS :

IN DIE TREIN

Daar is iets vroliks in 'n steenkooltrein se fluit
as hy deur die vaalbosvlaktes huis toe dreun;
iets van Madibogo, Mareetsane, Mafeking;
iets bruut,
soos van die bont hings in die perdekamp
as hy sy smal wit tunnel deur die donker stamp.

MUSIKANT

Word daar nooit iets groots gebore
uit dié gees wat pyngvoelig is,
gaan al my droewe nagte net verlore
en waai maar weg soos môremis?

Ek bid in ootmoed, Heer:
vat my vingers op die snare vas,
dat my stroewe vingers langsaam leer
om noot na noot sekuur te pas.

REËNDAG

O motreën, los my liggaam op
en sypel my tot by die wortels in;
So word die logge korpus
uiteindelik tot sin!

EK HET MY VERBEEL

Vanaand toe ek alleng
deur die dor ou vlei!and gaan,
waar die skraal mimosabome
so strak en blaarloos staan,

het ek my verbeel
ek hoor 'n voetstap dig by my,
maar enkeld, seer en dof,
klink net my voetval oor die vlei.

“ 't LEVEN DAT IK TOCH DOE . . . ”

Die wekker tik die tyd verby
skel sekondes wat vergeefs vergly.

Skemer en skimmeldag is sag:
in- en uitgang van die nag.

Daarom dat ek deur die skril dag wat verskeur
gedurig om die skemer treur.

Draai dan die sleutel in die slot;
“Wees net maar stil, my siel, tot God.”

A. C. DIAMOND :

DIE PIETERMAKROOS

(Vir George en Skoppensboer)

Die Pietermakroos is 'n snaakse dier
met sy skurwe rug en sy seningspier
sy dik stomp stert en sy koue oog
sy lang spits tong en sy skubbe verdroog.

Hy bly in 'n boom en hy kyk na die mens
Hy roer sy moer in elke wens
Pas tog maar op vir die Pietermakroos
Want hy is die en wat die laaste troos.

Sy spoor is 'n ster en lê ver, lê ver,
en trap maar versigtig op sy fyn geblêr
Want eendag is eendag, my liewe kind,
Hoor jy sy asem stoot in die wind.

Weet dan as ons al lankal weg is
Daar's nêrens 'n plek waar alles sleg is
En alles wat goed is is 'n skrale troos
want pas tog maar op vir die Pietermakroos.

TANT SIENA: KOMMENTAAR III

Dit gebeur darem soms dat mens, as jy jou hande bak hou, iets daarin kry om oor dankbaar te wees. En as jy dankbaar is, moet jy dit sê. Versweë dankbaarheid het geen waarde nie, dis soos onverteerde boontjiesop wat jou vol wind maak, of soos wanneer jy te veel Vaalparyswurgpatats geëet het.

Nou is dit juis oor 'n wurgpatat dat ek so uitgelate dankbaar voel. En my dank is teenoor Breyten Breytenbach. Daar in die sweet van die ysterkoei groei sowaar 'n gawe, egte wurgpatat langs die spoor:

die patatranke langs die spoorlyn —

hoe sêr

moet hulle ore nie wees nie

— dis nou van die baie treine wat hiiieeee-gillend daar verby klop, rikketik-rikketik-ketikketak, met 'n rooi oog agter op die rug.

Hoekom dankbaar? Nee, kyk, olie Ousus het altyd gesê en gesing: Tel jou seëninge, dan het sy boontoe gekyk en haar oë wit omgedop. Hoe gelukkig dat hy net by die patatrank gebly het met sy ore. Hy kon ondergronds geduik het, na die knol van die patat, en daaraan kon hy oë gegee het. En as mens oë het brand die sap van uie jou. Olie Ousus het altyd 'n kopspeeld in die mond vasgebyt as sy uie skil en kerf — dit was nou vir die oë, en vir die drup van die neus ook. Dis so moeilik om jou neus op die rugkant van jou hand droog te veeg as jy met uie werk. En as die uie jou oë brand, water hulle. En as daar water is kan mens ertappels plant. Dan kan 'n Kalahariboer dalk 'n plan maak om ertappels in die woestyn te kweek, en wat word dan van ons patatboere by Vaalparys?

In pleks van al dié moontlikhede het Breyten ewe goedsikks net by die ranke van die wurgpatat uit Vaalparys gebly. So-doende het die ondergrondse knolle geen gedrogtelike knobbels aan gekry nie, of kolle in hulle mikke, of koppe op die polle, sonder glipperigheid of tolle. Nog erger: hy kon aan elke knol 'n dinges gemaak het, sodat daar seuntjies en dogtertjies was.

Dit alles het hy ons bespaar en die hele Ysterkoei gered, en werklik die prystoekenning verdien. En nou moet hy daar in Seineparys — die Land van Kakkerlakke — voel soos die Lig van Lichtenburg.

Katastrofes! Die een na die ander!

Ek het die boek gekoop vir 'n boerehand vol geld, my naam op die skoon voorblad geskryf, só: *Siena* (*Tanta!* — ja, seker!) En toe begin lees, een strook deur, en toe ek die laaste bladsy omslaan om te lees, sien ek dis bladsy *één!* Ag, wat maak dit tog saak of mens van agter na vorentoe lees soos in Hebreërs 14 vers 13, en of jy dan nog links of regs is daarby? Ek moet tog vir neef Breyten hieroor skrywe, miskien weet hy of ons dalk siamese tweeling is met ons stuitjies aan mekaar geheg, d.w.s. siamese en tweeling, of nie siamese nie en tweeling, of nie siamese nie en nie tweeling nie, of siamese en nie tweeling nie.

En op daardie dag het olie Ousus se neus weer gedrup en mooi binne in die vetkoekdeeg wat sy besig was om aan te maak. Die wewenaar met die ses kinders wat daar gekuier het — dis nou die wenenaar wat gekuier het en nie die ses kinders nie — ewewel, met of sonder ses kinders het hy hom toe bra vervies en daar weggery en weggebly. Dit was nou oor die druppery.

Olie Ousus was aangedaan en ontstel daaroor. Wat weet hý van vetkoek af? wou sy weet. Hy is kleinsielig. As die vetkoek maar gebak is volgens reëls, in diep vet, sodat dit mooi bruin is en bros tussen die tande lê, dan maak dit mos nie saak wat binne in is nie. Wat binne in is word mos verbak, dit smelt saam met die ander bestanddele en vorm 'n organiese eenheid sodat jy dit nie apart sien en proe nie. Die koek staan so te sê uit die deeg uit op, en jy moet die koek as koek proe, gesamentlik as geheel en nie elke bestanddeel apart nie. En wat die oog nie sien nie, kan die hart nie deer nie, so het sy gesê.

Ewentewel, na sewe dae het dit geblyk dat dit tog vir haar 'n hele katastrofe is, en hulle het toe vir klein Orgie gestuur, so te sê as ambassadeur, maar hy kon net sowel 'n lobola probeer sweet uit 'n ysterkoei.

Ek wou haar toe troos en sê vir haar: "Ousus," (sy het toe nog gelewe en die olie was toe nog nie nodig nie), "Ousus, man, jy het die ding verkeerd. Hy is nie weg oor die koek in die vet nie, maar oor die vet in die koek." Maar oor dat sy so effens moeilik is van begrip kon sy die verskil nie raaksien nie, en toe het dit maar so gebly, en sy het tot aan die einde (d.i. háár einde) volgehou dat sy met háár vetkoek die eerste prys moes gekry het op die rommelverkoop.

Maar, ag, nou ja.

BOEKE ONTVANG

1. Klassieke Galerij, De Nederlandsche Boekhandel, Antwerpen:
 - Nr. 52. Anna Bijns — *Refreinen* (Drs. L. Roose 1949).
 - Nr. 59. *Blijde Inkomst*, Vlaams-Bourgondische gedichten. (Dr. G. Degroote 1950).
 - Nr. 61. Den Spyeghel der Salicheyt van *Elckerlijc* (Dr. A. van Elslander 1962).
 - Nr. 64. Constantyn Huygens: *De Nieuwe Zee-straat* (L. Simoens 1952).
 - Nr. 98. Een abel spel van *Esmoreit* (Dr. R. Roemans/Drs. R. Gaspar 1954).
 - Nr. 102. Een abel spel van *Gloriant* (Dr. R. Roemans/Drs. R. Gaspar 1956).
 - Nr. 146. Het Antwerpse Landjuweel van 1561 (Dr. C. Kruyskamp 1962).
2. V.P. (Vlaamse Pockets — Heideland-Hasselt, België):
 - Nr. 17. Frans de Wilde: *Aards Avontuur* (poësie).
 - Nr. 21. R. C. van Kerckhove: *Gedichten* (Inl.: Louis Paul Boon).
 - Nr. 22. Hoffmann von Fallersleben: *Loverkens* (Inl.: R. F. Lissens).
 - Nr. 117. Lode Backelmans: *In de Spiegelbollen*.
 - Nr. 120. Minus van Looi: *Aloud Boerenbloed*.
 - Nr. 121. Frank Liedel: *Het geval Gunnecke/Maiden trip*.
 - Nr. 122. Maxim Kröjcr: *Gesprekken onder de Schemerlamp*.
 - Nr. 128. Paul Roghe: *Anna Golochin*.
 - Nr. 130. Dr. A. Stubbe: Bruegel en de Renaissance.
3. Elize Botha (samesteller): *Afrikaanse Essayiste* (Human/Rousseau, Kaapstad 1965, R1.65).
4. Eugene Marais: *'n Paradys van weleer e.a. geskifte* (Human/Rousseau, Kaapstad 1945, R1.80).
5. W. Shakespeare (vertaler: Eitemal): *Macbeth* (Human/Rousseau, Kaapstad 1965, R1.35).
6. Dr. Jan van Elfen: *Die verwagtede moeder* (Tafelberg-uitgewers, Kaapstad 1965, R1.95).
7. Bill J. van Niekerk: *Ver is die swerwer se horison* (Voortrekkerpers, Johannesburg 1964, R1.30).

Gedruk deur Hayne en Gibson, Johannesburg



BESKERMING

Die sterk hande van 'n vader wat die rigting wys in sy kind se groot nuwe wêreld — sy stille besluit op 'n veilige toekoms vir hom. Beskerming neem so baie vorms aan. Versekering is beskerming . . . vir die skoolkind se opvoeding, die student se akademiese loopbaan, die ouers se rustige oudag. Maak seker van die toekoms met lewensversekering deur SANLAM.

**Veilig vorentoe met
SANLAM**